

Handelinge 5

Datering in die Bybeltye is altyd moeilik omdat verskillende kalenders in gebruik was. Wat die probleem verder bemoeilik het, was die feit dat die mense wat die gebeurtenisse opgeskryf het, op hulle geheue staatgemaak het. Hulle het die dinge gewoonlik eers heelwat later op skrif gestel en moes dan onthou wat wanneer gebeur het. Alle mense onthou nie dinge eenders nie - dit verklaar baie van die verskille wat in verskillende weergawes voorkom.

Onderstaande datering is redelik noukeurig - in die sin dat die datums wat aangegee word, korrek sal wees binne 'n speling van 'n jaar na beide kante toe.

- * 30 NC Die totstandkoming van die Christelike kerk in Jerusalem - Handelinge 1 & 2
- * 32/35 Paulus se bekering - Handelinge 9
- * 34/37 Paulus se eerste besoek aan Jerusalem - Handelinge:26vv.
- * 45 of 46 Profete van Antiochië af profeteer oor die droogte – Handelinge 11:27vv
- * 45 of 46 Die dood van Jakobus (die broer van Johannes)
- * 46 of 47 Die eerste Sendingreis – Handelinge 13 & 14
- * 48 Die eerste meerdere vergadering te Jerusalem – Handelinge 15
- * 48-51 Die tweede sendingreis – Handelinge 15:36 – 18:22
- * 50 Paulus bereik Korinte – Handelinge 18
- * 53 Die derde sendingreis begin – Handelinge 18:23
- * 54-57 Paulus se verblyf in Efese – Handelinge 19
- * 57-58 Paulus in Griekeland – Handelinge 20
- * 58 (Juniemaand) Paulus kom in Jerusalem aan – Handelinge 21
- * 58-60 Gevangeneeming te Caesarea – Handelinge 24 -26
- * 60-61 Beroep op die keiser en die reis na Rome – Handelinge 27
- * 61-63 Paulus in Rome in die tronk Handelinge 28:30

Handelinge 5:1-11

Ananias en Saffira

Los opmerkings:

Die Here Jesus het vir die apostels die volgende gese^:

...maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde. (Handelinge 1:8 AFR53)

- Die woorde het beteken dat die Heilige Gees in hulle gaan werk, sodat hulle dinge soos selfsug en leuens kon uitken en beveg.
- Uiteraard sou dit beteken dat elke leuen waarteen die jong kerke hulle vasgeloop het, met waarheid en geregtigheid beveg sou word.

In die geskiedenis van die vestiging van die kerk wat nou in die geskiedenis ontplooi word, kom die Satan se aanvalswapen - die leuen - dikwels sterk op die voorgrond.

- Die leuen is van die begin af die duiwel se werk.
- Dis iets wat hyself geskep het.

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. (Johannes 8:44 AFR53)

Dit verbaas ons dus nie dat die Satan die vroeë kerk ook met die leuen binnesypel nie!

- Wat wel opvallend is, is dat hy hierdie wapen gebruik waar die openbaring van God op die helderste na vore tree.

- Die geskiedenis wat in Handeling beskryf is, openbaar dat die Here baie skerp reageer teen die satan se aanslae op die kerk.

Die voorvalle wat beskryf is, openbaar ook dat die leuen – omdat dit duiwels is - altyd die volgende eienskappe vertoon:

- Dit staan direk teenoor die genade van God
- Dit is altyd 'n vuil teenoorgestelde van dit wat die Here gese^ het of eis
- Dit is altyd verleidelik
- Dis altyd Godslasterlik of in verset teen God

Handeling 5 openbaar dat daar 'n baie mooi gees geheers het in die vroeë kerke.

- Daar was liefde en eenheid.
- Die gelowiges het mekaar versorg en mekaar se belange op die hart gedra.

Uiteraard haat die Satan elke mens of samekoms van mense waar die reg en liefde van God vertoon word. Die Kerk is juis so 'n samekoms, met sulke mense waar daar liefde en vrede van God heers. Daarom word die kerk onmiddellik aangeval

- Eers van buite af: Uitwendige verontrusting en vervolging:
 - Daarom die poging van die duiwel om die Christelike Kerk te vernietig met die bedreiging deur die Sanhedrin.
 - Dis die minder ernstige aanslag.
- Daarna van binne af: Inwendige stryd en verdeeldheid:
 - Die aanval van binne af is altyd ernstiger en gevaarliker as die uitwendige aanslae op die kerkvolk.

In albei is die eintlike werklikheid: Die satan wat God aanval.

- Die vors van die donker teen die Vors van die lig.
- Die omverwerper teen die ewige Koning Jesus Christus.

Vers 1

Maar 'n sekere man met die naam van Ananias het saam met sy vrou Saffira 'n eiendom verkoop, (Handeling 5:1 AFR53)

Die ironie van die gebeurtenis le^ al in die twee hoofkarakters se name: Ananias en Saffira.

Ananias is in die Ou Testament Hananja - Die naam kom byvoorbeeld voor in Jeremia 28:1

En in dié jaar, in die begin van die regering van Sedekia, die koning van Juda, in die vierde jaar, in die vyfde maand, het Hana'nja, die seun van Assur, die profeet, wat uit Gibeon afkomstig was, met my gesprek in die huis van die HERE in teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk en gese^: (Jeremia 28:1 AFR53)

Die naam Ananias beteken: Genade van die Here, of Die Here gee genade.

Saffira beteken: skoonheidsglans/skitterende skoonheid.

Wat weet ons van die twee?

- Hulle was ryk en aansienlik.
- Hulle het landgoed besit (waarskynlik verskillende stukke grond?).
- Hulle was Christene en was lidmate van 'n gemeente van die Here Jesus Christus.
- Hulle is dus uitverkorenes en is deel van die groep mense wat glo en bely dat hulle die ewige lewe van God af ontvang deur die kruisverdienste van die Here Jesus Christus.
- Hulle het dus ook gereeld geluister na die preke van die apostels.
- Hulle het dus ook gedeel in die gemeenskap van die breek van die brood en die gebede

En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede. (Handelinge 2:42 AFR53)

Wat is die punt?

Die gemeente was dus 'n gemeenskap wat versier was met die deugde van die Here Jesus Christus

- Hulle verduur die druk van die Sanhedrin.
- Hulle handhaaf die tekens van die ware kerk naamlik die leer en die sakramente.
- Hulle verdeel selfs hulle besittings onder mekaar.
- Ons sou uit dit wat die Bybel alles leer, kon aflei dat die lidmate selfs voorbeeldige en eensgesinde huweliksliewens geleef het.

Dan meteens staan die persoon van die duiwel ook daar in die gemeente!

Om die kerk van die Here Jesus aan te val, gebruik hy hierdie mooi en vooraanstaande lidmate.

Hy het altyd iets of iemand waarin hy hom verskuil:

- In die Paradys het hy 'n slang gebruik.
- Toe hy Jesus aangeval het het hy 'n dissipels gebruik (Judas).
- Nou dat hy die kerk aanval, gebruik hy van die bestes van die lidmate.

Die Satan slaan toe met die oersonde wat hy self uitgedink het: eiegeregtigheid en verwaandheid.

- Daarmee maak hy hulle direkte vyande van God.
- In die proses gebruik hy die feite - wat lyk na die waarheid.

In Ananias en Saffira se geval stel hy die omstandighede in diens van hulle oormoedigheid.

- Na buite lyk hulle soos goeie kerkmense wat die Here opreg en eerlik dien.
- Maar na binne toe is hulle hebsugtig en vol van hulle eiegeregtigheid.

Vers 2

en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en 'n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê. (Handelinge 5:2 AFR53)

Ananias verkoop 'n eiendom.

NB. 'n eiendom - nie hulle enigste eiendom nie! Hulle het dus meer as net die een eiendom gehad.

Let mooi op na wat in die Bybel geskryf staan:

Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê. (Handelinge 4:34 AFR53)

Hier het 'n gewoonte bestaan dat die gelowiges al die geld wat hulle gekry het vir eiendom kom afgee het vir die versorging van die wat nood het.

Ananias het niks gelieg nie. Hy het net 'n deel van die verkoopsom teruggehou.

Hy het selfs vir sy vrou daarvan vertel.

- Oënskynlik het hier niks ernstigs gebeur nie - veral as mens daaraan dink dat Ananias nie met woorde gelieg het nie.
- Hy het net nie die volle waarheid vertel nie.

Dis juis wat die probleem is:

- Hy het die skyn gewek dat hy ook soos al die ander al die geld wat hy inkry, vir die gemeente gee.
- Hy probeer iets voorgee wat hy nie is nie.
- Hy samel erkenning in wat hom nie toekom nie.
- Hy suggereer iets, sodat die gemeente 'n verkeerde konklusie kan trek.

Dit is presies in 'n geval soos hierdie dat die Heilige Gees in die apostels werk, sodat hulle dinge soos selfsug en leuens kan uitken en beveg.

Vers 3-4

Daarom noem Petrus dadelik die ding op sy naam

Toe sê Petrus: Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? As dit nie verkoop was nie, het dit nie jou gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God. (Handelinge 5:3-4 AFR53)

Petrus sê die Satan het Ananias se hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg (en van die prys van die grond agtergehou).

Hy vra twee vrae en maak dan 'n uitspraak:

- In die eerste vraag suggereer hy dat 'n eiendom se verkoopsom in elk geval die eienaar s'n is. Hy kan daarmee maak wat hy wil - hy moet net nie daarvoor lieg nie.
- In die tweede vraag wil hy weet waarom dit is dat Ananias hierdie saak in sy hart voorgeneem het.
- Daarna maak hy die uitspraak dat Ananias nie vir mense gelieg het nie, maar vir God. (Handelinge 5:3-4 AFR53)

Die Heilige Gees toon dus aan dat Ananias se leuen die swaarste moontlike manier van lieg is wat daar bestaan: Lieg teen die Heilige Gees.

Vers 5

En toe Ananias hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en 'n groot vrees het gekom oor almal wat dit gehoor het. (Handelinge 5:5 AFR53)

God laat Hom nie bespot nie.

Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. (Galasiërs 6:7 AFR53)

Om met die Here se Naam te spot is ook laster.

- Wie almal van die gemeentetjie daar teenwoordig was, was getuie van die Here se houding oor hierdie saak.
- Ananias het die uitspraak gehoor en gesterf. Letterlik staan daar in die Griekse teks dat hy sy asem uitgeblaas het.

Presies dieselfde woord word ook gebruik waar die Here Herodes doodgemaak het.

En onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteer en het gesterf. (Handelinge 12:23 AFR53)

Dis amper asof die woord se^ dat die Here jou kers doodblaas.

- Die geweldige ellende is net dat 'n mens dan voor die ewige Regter staan.

- Wat maak 'n mens wat met God spot of God minag as God op sy vonnis oor ons amen sê?

Die klompie gelowiges wat daar saam was, het al die dinge verstaan toe dit gebeur het!

- Daarom het 'n groot vrees op hulle toegesak toe hulle sien hoe die man dood neerval, terwyl hy sogenaamd sy offer na die gemeente toe gebring het!
- Wie het al daarvoor gedink dat die dood ook die majesteit van God kan openbaar?
- En dat straf oor iemand dit ook kan doen?

Kyk weer na wat hulle beleef het:

- Die een oomblik het die man gesond en vrolik in die vertrek ingestap.
- Dan kondig die Here sy valsheid aan.
- Daarna laat 'n onsigbare Mag die man sy asem uitblaas en word hy leweloos - dood.

Dis 'n geweldige belewenis van hoe iemand se eer kan omgekeer word in die ergste skande wat daar denkbaar is.

Het Petrus sy apostoliese mag misbruik om die man te vernietig?

- Die antwoord is: Nee, hy het nie.
- Petrus het net die misdaad van die man ontmasker.
- Die almag van God het die straf voltrek.
 - Kort gelede het die Here Jesus sy eer verdedig deur 'n kreupel man gesond en jubelend te maak.
 - Nou het die Here sy eer verheerlik deur iemand wat Hom belieg het, sy asem te laat uitblaas.

Die werk van die Heilige Gees kom in hierdie gebeurtenis baie sterk na vore.

Die lidmate wat daar gestaan het, het verstaan hoe 'n mens teenoor die Almagtige God eerlik moet wees - die Heilige Gees het dit vir hulle verduidelik deur hierdie gebeurtenis.

Die Here het vir hulle gese^ dis hoe die Heilige Gees sal werk - nou kon hulle dit self sien en ervaar in die kerklike lewe.

maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde. (Handelinge 1:8 AFR53)

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: (Johannes 14:16 AFR53)

...maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. (Johannes 14:26 AFR53)

Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig. (Johannes 15:26 AFR53)

Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; (Johannes 16:7 AFR53)

Samevatting: In die buitengewone dood van Ananias het ons te doen met 'n buitengewone openbaring van die Here waarin Hy sy kerk onderrig oor wat heiligheid beteken.

- 'n Lidmaat moet nie voor die Here aanspraak maak op 'n heilige lewe, maar dan bedrog teen God beplan nie.
- Die kerk is deurdrenk met die mistieke werk van God die Heilige Gees.
 - Hy bring 'n baie skerp en onbetwisbare skeiding tussen die wat lidmate van die kerk is.
 - Hy skei die wat werklik eerlik glo van die wat vals is.

In Ananias se geval het die Heilige Gees met krag gewerk deur die woord. Toe Ananias hierdie woorde hoor, het

hy sy asem uitgeblaas.

So eindig die eerste deel van die drama met 'n begrafnis.

Ananias sterf op 'n baie buitengewone manier. Die groepie gelowiges wat daar saam is, was uiters geskok oor wat hier voor hulle oë gebeur het.

Vers 6

Daarna het die jongmanne opgestaan en hom toegedraai en uitgedra en begrawe. (Handelinge 5:6 AFR53)

Die begrafnis van die man is net so buitengewoon soos die manier waarop hy dood is.

- Uit die vertelling van die dag se gebeure kom ons agter dat daar 'n aantal jong manne ook teenwoordig was toe die ding met Ananias gebeur het.
- Die jong manne word net daar en dan beveel om Ananias te gaan begrawe. Baie stomp en summier.
 - Al die tradisionele dinge ontbreek. Daar is nie roubeklaers nie.
 - Daar is nie familie en bekendes nie.
 - Sy vrou word nie eers in kennis gestel nie!
- Ananias word net toegedraai - waarskynlik in 'n doek of kombes wat daar beskikbaar was.
- Daarna word hy uitgedra en begrawe.
 - Dit veronderstel dat hy weggedra is en (in 'n rak) in 'n uitgekapte graf weggepak word.
 - Waarskynlik sou dit 'n grafkelder wees wat aan die familie behoort het.

Met hierdie daad onderrig die Here die kerk op 'n simboliese manier.

- Die tug is op Ananias toegepas.
- God self het die tug op hom toegepas en hom verban uit die kerk.
- Die begrafnis is die aanskoulike voorstelling van waar die kerklike ban eindig.
- Die uitdra van die liggaam simboliseer die uitdra uit die kerk as liggaam van die Here uit.
- Die graf simboliseer hier die hel.

Daarom het daar 'n groot vrees oor almal gekom - maar nie paniek nie. Niemand het hulle selfbeheersing verloor nie. Deur Ananias te gaan begrawe, toon die gemeente hulle onderwerping aan die straf (gerig) van die Here.

Die tweede deel van die drama.

Die duiwel se aanslag op die gemeente gaan voort in 'n volgende fase is!

Vers 7

En na verloop van omtrent drie uur kom sy vrou in sonder om te weet wat voorgeval het. (Handelinge 5:7 AFR53)

Uit die gedeelte is dit duidelik dat die eerste Christelike kerke maar aangegaan het met die gebruike wat hulle in die Sinagoge geken het.

- Daar was die gebruik dat die gelowiges elke drie uur saamgekom het om te bid.
- Vir die een of ander rede was Saffira nie by die eerste biduur waar Ananias was nie.
- Daarom kom sy drie ure later daar aan.

Logies sou ons kon aflei dat hier nou moontlik ook ander mense bymekaar was wat vroeër die dag nie daar was nie.

Saffira is een van die wat nie die oggend se gebeure bygewoon het nie.

Vraag: Wat sou Saffira se gesindheid wees waarmee sy die biduur sou kom bywoon?

Dr. B Wielenga (Van Jerusalem na Rome) beweer dat sy daar sou opgedaag het as 'n eersugtige wat wou drink uit die beker van haar menslike roem. Haar houding sou dan wees: Onthou ek en Ananias is die twee vername mense wat aan die gemeente liefdadigheid bewys! Ons is twee mense wat baie opoffer vir die Here Jesus se armes in die gemeente.

Al se^ die Bybel dit nie direk nie, is die siening waarskynlik korrek.

Dit is waarom Petrus haar aanspreek oor die ooreenkoms tussen haar en haar man.

Vers 8

En Petrus het haar aangespreek: Sê vir my of julle die grond vir soveel verkoop het? En sy sê: Ja, vir soveel.
(Handelinge 5:8 AFR53)

Waarom vra Petrus die vraag?

Wil hy die vrou ook (laat) vernietig?

Wil hy haar help?

Waarskynlik moet ons in hierdie vraag 'n poging tot redding en bekering sien.

- Saffira kon op Petrus se vraag besin het - al moes sy teen haar man draai - en eerlik voor God wees.
- Die alternatief was wat sy toe gedoen het - sy het hulle ooreenkoms gehou en die verantwoordelikheid vir hulle persoonlike rekening geneem.

Die Bybel openbaar die gewetenloosheid wat in Saffira was omdat haar antwoord in die verhaal onmiddelik volg: Ja, vir soveel.

- Daar was nie enige sprake van dat sy onder die leiding van die Heilige Gees was dat sy eers gewefel het om die leuen te heroorweeg nie.
- Eintlik is dit so dat 'n leuen teen die Heilige Gees net moontlik is in 'n hart wat vantevore reeds verhard is!

Kontras tussen man en vrou: (!)

- Ananias het nie met woorde gelieg nie. Hy het net gelieg met die daad (gebaar).
- Saffira lieg - nadat sy die kans gegun is om tot besinning te kom - met die woord. Sy sê 'n besliste Ja op die navraag oor die leuen.
- Die karakter van haar skuld is donkerder as die van haar man.

Dis die verskriklike van 'n vals voorkoms:

- Sy is Saffira - skoonheidsglans/skitterende skoonheid - toe streef die dood al oor haar wange en vee die lieflikheid van die lewe uit haar uit.
- Sy kom niks hiervan agter nie, omdat sy eerlikheid voor God die Here nie verstaan nie - sy het nog die weelde daarvan om aansien by die mense te hê, gestaan en indrink.

So tragies is die gevolge van die sonde.

So gebeur dit in elke mense se lewe dat die afstand tussen ons en die hel soms ontsettend klein raak, sonder dat ons dit besef.

Vers 9

Op die uitdagende antwoord voor die Here: Ja vir soveel! Antwoord die Here deur Petrus se mond:

En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra. (Handelinge 5:9 AFR53)

Sonde is in elk geval sleg. Maar om die Gees van die Here te versoek is 'n baie growwe manier van oortree teen die Here.

- Versoek beteken nie dat die sondaar die bestaan van die Here ontken nie.
- Hy erken en bely die bestaan van die Here.
- Maar Hy dink die Here is vasgevang in beperkthede - hy dink hy kan byvoorbeeld vir die Here lieg sonder dat die Here dit agterkom, soos Ananias en Saffira.

Met sulke optrede en manier van dink, roep die mens self die oordeel (verdoemenis) van die Here oor hom in.

Waarom is dit sonde teen die Heilige Gees wat die twee gepleeg het?

Die Heilige Gees woon en troon in die kerk.

- Wanneer iemand die alwetendheid van God ten opsigte van dit wat in die kerk gebeur beledig en tart, is die daad gerig teen die Gees van God wat in die kerk woon.
- Dit is sonde om die alwetendheid en die heiligheid en die liefde van God te tart.

Vraag: Is dit vanselfsprekend dat jou verstand en jou gevoel eners gaan werk in jou geloof?

Jou verstand kan jou oortuig dat daar 'n God is, maar dan kan jou emosies jou nog steeds daarvan oortuig dat Hy nie kan straf nie, en dat jy om kan uitoorlê en dat Hy nie magtig genoeg is om deur jou optrede te sien nie. Daarvan getuig onder andere Ananias en Saffira se optrede.

- Sou Saffira byvoorbeeld regtig kon lieg as sy geweet het en oortuig was in haar geloof dat God God is en dat Hy alwetend en alomteenwoordig is?
- Sy het beslis die Heilige Gees versoek (so ook Ananias) wat in die kerk woon en troon omdat sy God se alwetendheid en sy liefde en sy heiligheid getart het.

Petrus se antwoord is terselfdertyd die Here se vonnis.

Die aankondiging is anders as wat dit aangekondig is in Ananias se geval. Die apostel kondig ook aan dat en hoe die vonnis uitgevoer gaan word.

Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra. (Handelinge 5:9 AFR53)

Die voetval van mense wat in die Here se diens is, klink in twee rigtings:

- Eerste klink dit in die rigting van genade wanneer dit aan verlore nes verlossing verkondig - wat burgerskap in God se koninkryk aankondig.

Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning! (Jesaja 52:7 AFR53)

- Tweedens klink die oordeel van God daarin dat hulle ongelowiges uit die kerk uit in die ewige graf indra.

Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra. (Handelinge 5:9 AFR53)

Vraag: Hoe gaan dit in ons gemeente? Gaan dit anders?

- Vir die mens wat glo in die Here en wat die hoop op verlossing uit die sonde het, klink die voetval van God se knegte mooi, en hulle sien uit na sy koms en sy boodskap.
- Vir die hardnekkiges is die voetstappe van die Here se diensknegte vreesaanjaend, want hulle weet dat daardie diensknegte van die Here vir hulle gaan sê dat God laat weet dat hulle tot bekering moet kom, of God laat hulle uit sy paleis uitdra!

Vers 10

Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe. (Handelinge 5:10 AFR53)

Waar die Afrikaanse vertaling lees het gesterwe, lees die Nederlandse vertaling en gaf den geest. Dis dieselfde manier waarop Ananias gesterf het. Sy siel het uitgegaan.

So eindig Saffira se lidmaatskap in die gemeente. Sy val dood neer omdat sy vir die Heilige Gees lieg, en sy word uit die plek van aanbidding uitgedra – as simbool daarvan dat sy nie lewend daar hoort nie!

Was die plek van aanbidding/samekomste 'n plek waar blydskap en vreugde was? Ja, lees wat skryf die Here daarvan:

En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, (Handelinge 2:46 AFR53)

Toe Saffira inmekaarstort en haar asem uitblaas, word die plek van blydskap vir die tweede keer op een dag 'n plek van skok en verbystering.

Vers 11

En 'n groot vrees het oor die hele gemeente gekom en oor almal wat dit gehoor het. (Handelinge 5:11 AFR53)

Die skok het nie net die gemeente geskud nie – dit het skokgolwe gestuur sover as wat die nuus versprei het. Die gebeurtenis is dus vinnig oorvertel en het by almal wat dit gehoor het, ontroering veroorsaak.

Vrae:

- Het die gebeurtenis meer mense tot bekering gebring?
 - Het die Satan met hierdie beplanning van hom enige oorwinning oor die kerk behaal?

Vers 12

En deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind; en hulle was almal eendragtig saam in die pilaargang van Salomo. (Handelinge 5:12 AFR53)

Dit is duidelik dat die kerk na die Ananiasgebeure vaster gestaan het as tevore. Prakties word aangetoon dat 'n kerk wat dooie lidmate verloor, beter daaraan toe is, want nou bly daar net lewende lede oor – en hulle laat die kerk presteer!

Die kerk is dus glad nie armer wanneer Ananias en Saffira daaruit verwyder word nie. 'n Boom word tog elke winter gesnoei sodat die takke wat vrugte kan dra, in die somer beter presteer.

Vrae:

- Het elke kerk nie maar sy Ananiasse nie?
- Moet die kerk nie maar liever vasstaan en die valsies uit sy midde uit kry nie?
- Hoe sal die kerk dit doen?

Kyk na die volgorde van die gebeure van Pinkster af:

- Eerste is daar die genesing by die Skone Poort.
- Dan sluit die Sanhedrin die apostels in die tronk toe.
- Die gemeente gaan oor in 'n besondere gebedslewe – wat uitloop op die liefdeslewe en die bloei van die kerk.

. . en hulle was almal eendragtig saam in die pilaargang van Salomo.

- Die duiwel val onmiddellik die kerk aan – Ananias en Saffira.

Die gevolg?

- Meteens kom die priesterlike karakter van die kerk baie skerp na vore. Die geestelike krag in die kerk kom uit in die feit dat die gemeentelede een van hart en een van siel is.
- Die Heilige Gees openbaar ook met krag die profetiese werk in die kerk.
- Koninklik heers die kerk van die Here oor die gevolge en die aanvalle van die vernietigende werk van die duiwel.

. . . deur die hande van die apostels . . . is 'n uitdrukking wat die hartsgesteldheid en die (geestelike) aktiwiteit van die lewe en werk van die apostels te skilder.

Dink hier byvoorbeeld aan Psalm 118:16:

Die regterhand van die Here verhef; die regterhand van die Here doen kragtige dade. (Psalms 118:16 AFR53)

Voor die Here se hande moet die dood padgee. Dit staan net in die volgende vers van Psalm 118. Presies so openbaar die Here dit in die lewe van sy kerk.

Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die Here vertel. (Psalms 118:17 AFR53)

Na die dood van Ananias en Saffira bewerk die Here genesing in sy kerk.

- Die woord eendragtig vertel dit.
- Daar was (vir die oomblik altans) nie meer skynheiliges in die gemeente wat God se roem gesteel het, of wat verdeeldheid met hulle hoogmoed gesaai het nie.

Die pilaargang van Salomo is natuurlik dieselfde plek waar die Sanhedrin vir Petrus en Johannes gevange geneem het omdat hulle die kreupel man genees het.

- In beginsel was dit 'n aanslag op die voortgang van die evangelie. Hulle (die satan) wou die verkondiging van die verlossing deur die Here Jesus stuit.

En toe die kreupel man wat genees was, aan Petrus en Johannes vashou, het die hele volk uitermate verbaas na hulle gehardloop in die pilaargang wat Salomo s'n genoem word. (Handelinge 3:11 AFR53)

- Dis 'n kort rukkie later op dieselfde plek:
 - Die kerk het letterlik uit sy nate gebars.
 - Op die plek waar die twee apostels geboei is, bid 'n hele gemeente nou saam.
 - So laat God sy kerk oor sy aanvallers heen groei waar daar eerlikheid en opregte aanbidding is – natuurlik met die gepaardgaande bekering.

Vers 13

En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer. (Handelinge 5:13 AFR53)

Die Heilige Gees openbaar hier iets baie besonders:

- Die Sanhedrin en die soldate het geen vrees by die apostels ingeboesem nie – wat hulle graag wou doen.
- Maar die optrede van die apostels en die openbaring van God in die gemeente, boesem wel vrees in by almal – veral by die vyande en die onverskilliges.

Die voorval met Ananias en Saffira het veroorsaak dat selfs die skynheiliges besef het dat iemand met hulle opset, nie by die Here gaan regkom nie!

- So weet selfs die satan waar sy plek voor die Here is!
- Die volk het vir die Christene respek (het hulle baie geëer) gehad.
 - Die respek was nie 'n godsdienstige handeling nie – dit was bloot sosiaal-humanisties, anders het hulle tot bekering gekom en by die gemeente aangesluit.
 - Wat die Bybel hier sê, is dat die buitestaanders nie die kerk geminag het of op die Christene geskel of hulle belaster het nie.
- Dit was nog altyd so dat mense buite die kerk/gemeente respek gehad het vir die mense wat die Here dien en vrees – al het hulle nie tot bekering gekom en deel geword van die kerk van die Here nie. Ons lees daarvan in Josua ook.

. . . want ons het gehoor dat die Here die water van die Skelfsee voor julle by jul uittoeg uit Egipte laat opdroog het

en wat julle die twee konings van die Amoriëte, Sihon en Og, oorkant die Jordaan aangedoen het, dat julle hulle met die banvloek getref het. Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, sodat daar by niemand enige moed meer oorgebly het teenoor julle nie; want die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder. (Josua 2:10-11 AFR53)

Dit is duidelik dat buitestaanders iets aanvoel as hulle met ware gelowiges te doen kry. Dis merkwaardig dat Lukas drie keer daarvan melding maak dat die volk (= buitestaanders) 'n goeie gesindheid teenoor die aanbidders van die Here Jesus openbaar:

. . . terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is. (Handelinge 2:47 AFR53)

En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal. (Handelinge 4:33 AFR53)

En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer. (Handelinge 5:13 AFR53)

Die getuienis van die wêreld teenoor die ware kerk is dus belangrik. Baie opvallend is dat die kerk net respek afdwing as dit in totale suiwerheid bly by die wil van God. Respek beteken nie dat die wêreld daarmee saamstem nie!

- Daarom vereis die Here dit ook van 'n lidmaat voordat hy in die diens van predikant, ouderling of diaken verkies en bevestig kan word.

Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie. (1 Timoteus 3:7 AFR53)

Wat is die punt?

- Die punt is dat die kerk moet rekening hou met die agting van die wêreld.
- Die oomblik wanneer die kerk nie die lig van God laat skyn nie, maak hy hom veragtelik by die wêreld omdat hy dan nie staan vir dit wat hy moet wees nie.
- Die wêreld se getuienis bevestig dus of jy gehoorsaam is aan die inspraak van God die Heilige Gees en of jou gewete skoon is teenoor God wat jy aanbid!

Die prediking van die evangelie is onvrugbaar as dit gedoen word deur sogenaamde gelowiges wat nie die waarhede waarvoor hy staan, met sy lewe bevestig nie.

Vers 14

En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne sowel as vroue, (Handelinge 5:14 AFR53)

Die doel van die uitstorting van die Heilige Gees het al hoe duideliker geword.

- Die Heilige Gees is nie uitgestort om net 'n klein groepie Christene te troos en bymekaar te hou nie.
- Die Heilige Gees is uitgestort sodat alle dinge aan God onderwerp moet word.
- Al die dinge wat nou gebeur, openbaar dat die kerk nie aan die noodlot oorgelaat is en die kerk nou maar daarin moet berus nie.

Die uitstorting van die Heilige Gees het onder andere die volgende twee dinge beteken:

- Na binne toe het dit beteken dat die lidmate van die kerk (die gelowiges) 'n intensiewe verdieping en versterking in hulle geloof in die nuwe lewe sal ondergaan.
- Na buite toe het dit beteken dat die kerk ook 'n uitbreiding en vermeerdering van fisiese getalle sou ondergaan. Meer en meer mense sal in hierdie verlossing deur die Here Jesus begin glo en opgeneem word in hierdie nuwe lewe.

Byna terloops, maar tog opvallend, laat die Heilige Gees aanteken: Die kerk van die Here het gegroei omdat daar manne en vroue aangesluit het.

In die Christendom is daar meteens iets heeltemal anders as in die tradisionele geloof wat die Jode (en die heidene!) tot nou toe geken het.

- 'n Vrou het nie 'n plek in die samelewing gehad nie.
- In die heiligdom in die tempel het daar nooit 'n vrou gekom nie.
- Die nuwe geloof het nie 'n heilige en 'n allerheilige nie.
 - Daar is nie 'n voorhof vir vroue en 'n aparte voorhof vir manne nie.
 - Nog erger! Daar is ook geen voorhof vir die gemeente (Christene) en 'n aparte voorhof vir die heidene nie!
 - Die skeidslyn in die Here Jesus Christus lê dus nie in geslagtelike onderskeiding nie, en ook nie in taal of velkleur nie.
 - Dit lê in geloof en bekering teenoor ongeloof en onbekeerlikheid. Hierdie twee sake bepaal of iemand deel is van die gemeente of buite die gemeente staan.
 - In die tempel staan almal gelyk voor die Koning van die Kerk – die Here Jesus Christus.

Vers 15

. . . sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en op bedde en draagbare gelê het, met die bedoeling dat, as Petrus kom, al was dit net sy skaduwee op iemand van hulle sou val. (Handelinge 5:15 AFR53)

Die tekens het die mense tot geloof laat kom en ook die wat reeds geglo het, se geloof versterk. Die teenoorgestelde was ook waar: Die tekens wat plaasgevind het, is juis uit geloof gedoen!

Die gedeelte van die boek Handelinge beskryf die hoogtepunt wat die lewendmakende Krag wat op Pinkster uitgestort is, bewerk het.

- Eers moes Petrus-hulle vir die kreupel man in die Skone Poort sê: “Staan op en loop!” Hulle het hom aan sy hand gegryp en hom regop getrek.
- Nou het dinge verander! Net die skaduwee van Petrus as hy verbyloop, is genoeg!

Hierdie wonder dat net 'n skaduwee van 'n apostel genesing kon bewerk, moet gesien word as die openbaring van die krag van die Heilige Gees waarmee God die Here Jesus verheerlik – aldus B Wielenga.

- Hierdie gebeure illustreer dit wat in Handelinge 3:13 staan:

Die God van Abraham en Isak en Jakob, die God van ons vaders, het sy Kind Jesus verheerlik, Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatus verloën het toe hy besluit het om Hom los te laat. (Handelinge 3:13 AFR53)

- Die verheerliking van die Here Jesus Christus kom nie tot stand deur die bedoeling van mense nie, maar deur die dae van God.
- 'n Wonder is iets Goddeliks. Dit het geen aansluiting met die natuur nie. Dit is 'n buitengewone daad waarin God self werk.
 - Dis nie iets soos 'n hand wat help, of speeksel wat opgesmeer word of 'n woord wat gesê word nie.
 - Dit is slegs die (indalende) krag van God wat die genesing bewerk.

Vir Oosterlinge is 'n skaduwee die simbool van verkwikking en van veiligheid.

Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. (Psalms 91:1 AFR53)

'n Skaduwee as 'n middel wat genesing bewerk, is nie werklik 'n kragtige genesingsmiddel nie. Dit maak die wonder van die verlossing wat deur die werklike Verlosser bewerk word, net nog groter en heerliker.

Dink hier aan die Here Jesus se woorde:

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. (Johannes 14:12 AFR53)

Vers 16

En die menigte van die stede in die omtrek het ook in Jerusalem bymekaargekom en siekes gebring en mense wat deur onreine geeste gekwel was; en hulle is almal genees. (Handelinge 5:16 AFR53)

Waar die lewende God in die kerk teenwoordig is, daar is ook lewe en groei teenwoordig in die kerk. Daarom kom selfs mense van buite na Jerusalem toe – nie vir inkopies en om by familie te kuier nie!

- Hulle kom om siekes te bring dat hulle genees kan word.
- Hulle wil persoonlik met die genesende krag van die Here Jesus se verlossing kennis maak.
- Hulle het daarvan gehoor en hulle het nadat hulle gehoor het, vas daaraan geglo. Daarom het hulle gekom om dit ook te beleef.

Al was die mense se soeke en beleving baie fisies, was dit die besef van die nuwe lewe in die Here Jesus Christus wat by hulle posgevat het.

Let op dat die krag van God die Heilige Gees twee dinge gedoen het:

- Hy het die dood uit die fisiese lewe uitgebán en met lewe (gesondheid) vervang.
- Net so ook het Hy onreine geeste uit mense se geesteslewe verwyder om hulle geestelik heilig te maak.

Inderdaad is dit elke keer die satan wat op al hierdie gebiede verslaan en uit die kerk van die Here uitgedryf word.

Die verskerpte aanval op die kerk van die Here

Die dreiging van die wêreld teen die Christendom was die hele tyd swaar in die lug. Eers het die Sanhedrin die dissipels gedreig.

En nadat hulle nog dreigemente bygevoeg het, aangesien hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie, het hulle ter wille van die volk hulle losgelaat, want almal het God verheerlik oor wat gebeur het. (Handelinge 4:21 AFR53)

Later kom ons agter dat die gelowiges self ook die bedreiging en gevaar teen hulle voel. Ons kom dit byvoorbeeld agter in die volgende sin wat in die boek Handelinge staan:

En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, (Handelinge 4:29 AFR53)

Daarom is dit te wagte dat daar die een of ander tyd 'n vervolging teen die Christenkerk sou uitbreek.

- Die Sanhedrin het die kerk gesoek en rondgekyk na 'n geleentheid om met vervolging op hulle toe te slaan.
- Die eerste aanleiding was die toeloop van die volk in die tempel.
- Dit het veroorsaak dat daar 'n insident was toe die Sanhedrin Petrus en Johannes in die tronk gestop het.

En terwyl hulle besig was om met die volk te spreek, het die priesters en die hoofman van die tempel en die Sadduseërs op hulle afgekom, baie ontevrede dat hulle die volk leer en in Jesus die opstanding uit die dode verkondig. En hulle het die hande aan hulle geslaan en hulle in die gevangenis gesit tot die volgende môre toe, want dit was al aand. En baie van die wat die woord gehoor het, het geglo; en die getal van die manne het omtrent vyf duisend geword. (Handelinge 4:1-4 AFR53)

Ons kan die Jode se frustrasie verstaan!

- Hulle het geglo net hulle godsdiens is reg!
- Die Christene was in hulle oë bloot 'n sekte wat twee verkeerde dinge gepreek het:
 - Hulle het bekering na Jesus as Verlosser toe gepreek.
 - Hulle het vergifnis van sondes deur die Here Jesus en die opstanding uit die dood deur dieselfde

Jesus gepreek.

- Wat die frustrasie nog hoër laat opvlam het, was dat hierdie sekte hulle gebou van aanbidding gebruik het om saam te kom en dan hierdie vreemde godsdiens daar te hou!
 - Hulle het nie eers meer hulle eie plek vir hulleself gehad nie!

Die boek Handelingte teken dus die teenspoed en die voorspoed (groeï en geluk) van die Christelike kerk. Die twee wissel mekaar af by wyse van kontras.

- Na die skok van Ananias en Saffira kom daar 'n tydperk van bloei.
- Maar in die agtergrond broei die haat van die Jode (Sanhedrin, Fariseërs en Saduseërs) die hele tyd.

Die vervolgings wat oor die Here Jesus Christus en oor die Christene gekom het, wortel natuurlik in die raad van God. Die Here gebruik die sonde dikwels in diens van sy eer.

Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; (Handelingte 2:23 AFR53)

Al hierdie gebeurtenisse is die ontwikkelingsomskakelings in die groot raadsplan van God waarin die heilsgeskiedenis geleidelik maar verseker na die einde van die aardse tyd toe opbou.

- Al die teëslae is elke keer die openbaring van die antichris wat hom teen die kerk van God opstel.
- Die Here laat elke keer in die geskiedenis toe dat die antichris sy gesig duidelik kan wys, sodat hy kenbaar word in sy werke en in sy doelstellings.
- Met die wederkoms gaan die Here hom totaal uitroei en vernietig – maar tot dan word hy soms onder die wil van God toegelaat om kwaad te doen.

Let op hoe die Heilige Gees die epiese kuns (vertelkuns) aanwend om die raadsplan van God te openbaar:

- Daar is nie allerhande redenasies wat verduidelik wat en waarom dinge gebeur nie.
- Daar is ook geen beskrywing van subjektiewe gevoelens nie.
- Alles is bloot objektief weergegee.

Hierdie stuk geskiedenis wat nou volg, is 'n openbaring van die Here dat die Sanhedrin teen God en sy Gesalfde woed.

- Hulle wil God se kerk sluit deur die apostels in die tronk toe te sluit – maar dit loop alles net vir hulleself op 'n fiasko uit.

Vers 17

En die hoëpriester het opgestaan en almal wat saam met hom was – dit is die party van die Sadduseërs – en hulle was met nydigheid vervul, (Handelingte 5:17 AFR53)

Let daarop dat die voorafgaande stuk vertelling/openbaring daarmee geëindig het dat almal wat siek is, gesond gemaak word.

- Die boodskap is: Die dood word oorwin!
- Die krag waarmee die Here Jesus opgestaan het, word met heerlikheid bevestig.

Dan volg daar 'n baie skril kontras:

- Die opstanding van die Here Jesus en die seënende gevolg daarvan vir die kerk, staan teenoor die werk van die duivel.
- Die Here openbaar dat hier nog 'n ander opstanding is – 'n opstaan in vyandskap teen God.

Psalm 2 gaan in vervulling:

Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die Here en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik: (Psalms 2:2-5 AFR53)

Die hoëpriester (Annas) – die hoogste van die heilige priesters – staan op.

- Hy is opstandig teen die Here.
- Saam met die hoëpriester (die hoof van die kerk!) staan die Sadduseërs op.
 - Daarmee gooi die uiterste magte kragte bymekaar –
 - Die Fariseërs (hoëpriester) het geglo in die opstanding uit die dood en 'n lewe na die dood.
 - Die Sadduseërs het geglo dat daar geen opstanding uit die dood is nie, omdat daar geen lewe na die dood is nie.
 - En ook nog dit:
 - Die Fariseërs het gedink dat daar dalk iets uit die Christendom kan kom, omdat hulle nog vasgehou het aan die wet en aan aanbidding in die tempel.
 - Die Sadduseërs was diep verbitterd teen die Christene omdat hulle leer die grondslag van dit waarvoor hulle gestaan het (die ewige dood), weerlê het.

Kyk weer na die kontras:

- Die Christene is eendragtig en met blydschap saam as hulle aanbid.
- Die apostels is vervul met die Heilige Gees.
- Die vervolgers is vervul met nydigheid.

Vraag: Waarom breek daar vervolging uit?

- Die rede vir hierdie opstand van die kerklike owerheid is naywer – al die siekes wat gesond geword het.
- Verder ook al die mense wat van die omringende stede af toegestroom het in Jerusalem in om die siekes naby die apostels te kry sodat hulle genees kan word.

Hier het ons twee magte wat direk teenoor mekaar te staan kom:

- God die Heilige Gees,

teenoor

- Satan se gees van nydigheid en afguns.

Die skadukant van die vreugde en almagtige kragopenbaring van God tydens Pinkster is die satan se wraaksug en haat om alles wat God tot stand bring vir sy koninkryk, af te breek en dood te maak.

- Die Sanhedrin het die dissipels verbied om die Naam van Jesus te preek.

En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee om in die geheel nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. (Handelinge 4:18 AFR53)

- Hulle het aangehou daarmee en die kerk het gegroei en die gelowiges het die seën daarvan geniet/vrugte daarvan gepluk.
- Nou moes die Sanhedrin hulle eer handhaaf deur hulle opdrag toe te pas – dus breek die vervolging uit.
 - Die hoogste regsliggaam van die Jode kon nie sy gesag net met dreiging laat geld nie –
 - daarom moes hulle nou met daadwerklike straf optree.

NB Die Sanhedrin het geglo dat hulle met hulle optrede teen die Christendom die waarheid van die Here dien.

Dit is die tipiese wederkerende verblindheid waarmee die Here se vervolgers hulle altyd beroep dat hulle dade teen die kerk van die Here tot diens van die Here is.

Vraag: Was die wonders en tekens wat die apostels gedoen het, dan nie oortuigend nie?

- Nee, die Here se wonderwerke oortuig geen ongelowige of valse gelowige nie.
- Waarom nie? Die Here openbaar dat valse profete al die eeue deur ook wonders en tekens doen.

Voorbeelde:

Daarop laat Farao óók die wyse manne en die towenaars roep; en hulle, die Egiptiese towenaars, het ook dieselfde gedoen met hulle towerkunste: (Eksodus 7:11 AFR53)

Maar die Egiptiese towenaars het dieselfde gedoen met hulle towerkunste, sodat Farao se hart verhard is; en hy het na hulle nie geluister nie, soos die Here gespreek het. (Eksodus 7:22 AFR53)

Maar die towenaars het dieselfde gedoen met hulle towerkunste en paddas laat opkom oor Egipteland. (Eksodus 8:7 AFR53)

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Matteus 24:24 AFR53)

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Markus 13:22 AFR53)

Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. (Openbaring 13:13 AFR53)

Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk! (Matteus 7:22-23 AFR53)

NB: Daarom moet die ware kerk van die Here altyd alle wonders aan die waarheid van God se openbaring toets!
Vers 18

...en hulle het die hande aan die apostels geslaan en hulle in die openbare gevangenis gesit. (Handelinge 5:18 AFR53)

Die Sanhedrin slaan toe.

NB Daar is 'n plaar verwysings in die Nuwe Testament dat die antichris uit die kerk sy vertrekpunt maak. Hy is 'n valse profeet met 'n valse Christus wat hy verkondig!

Moet nie profeteer nie! sê die valse profete. As 'n mens hieroor nie mag profeteer nie, sal die beskimping nie ophou nie! (Miga 2:6 AFR53)

Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. (Matteus 7:15 AFR53)

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Matteus 24:24 AFR53)

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Markus 13:22 AFR53)

Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat, want hulle vaders het net so aan die valse profete gedoen. (Lukas 6:26 AFR53)

En hulle het die eiland deurgegaan tot by Pafos en 'n towenaar gevind, 'n valse profeet, 'n Jood met die naam van Bar-Jesus. (Handelinge 13:6 AFR53)

Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring;

(2 Petrus 2:1 AFR53)

Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. (1 Johannes 4:1 AFR53)

En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. (Openbaring 16:13 AFR53)

En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hu'lle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. (Openbaring 19:20 AFR53)

En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. (Openbaring 20:10 AFR53)

In hierdie gebeurtenis in Handeling 4 is dit presies so:

- Die hoogste raad van die kerk (Sanhedrin) slaan toe as 'n mag van die satan (antichris).
- Hulle staan teenoor die Here Jesus Christus en is dus werklik antichris!

Die Sanhedrin slaan hulle hande aan die apostels.

In die woord slaan die hande aan, sit daar 'n aansluiting met die optrede van die apostels.

- Deur die hande van die apostels het daar baie wonders en tekens plaasgevind - dus opbou en groei in die Here se kerk.
- Die Sanhedrin slaan die hande aan die kerk - dus afbreek en vernietiging van die Here se kerk.

Daar is Skrifverklaarders wat in hierdie gebeurtenis iets van die beeld sien van 'n leeu wat sy kloue in 'n lam inslaan om hom dood te maak.

- Die Sanhedrin is handlangers van die satan wat na sy mislukking met Ananias en Saffira nou weer met geweld op die kerk toesak.
- Al wat die satan ken, is ang en vernedering, daarom werk hy daarmee.
 - Dink maar aan die ang en vernedering wat die Here Jesus van Getsemané af tot aan die kruis gely het.
 - Merkwaardig dat daardie episode ook begin met die woorde slaan die hande aan...

Maar Jesus sê vir hom: Vriend, waarvoor is jy hier? Toe kom hulle nader en slaan die hande aan Jesus en gryp Hom. (Matteus 26:50 AFR53)

Die satan en sy aanhangers het 'n manier om deeglik en baie bepland te werk (NB Hulle werk nie slordig nie, maar afgerond! - dalk kan sommige gelowiges op hierdie punt iets by die duiwel leer!)

- Hulle plaas die apostels in spesiale bewaring.
- Hulle gaan na die openbare gevangenis toe.

Vorige keer was die apostels in die tempel se gevangenis.

En hulle het die hande aan hulle geslaan en hulle in die gevangenis gesit tot die volgende môre toe, want dit was al aand. (Handeling 4:3 AFR53)

- Hierdie keer gaan hulle nie weer na die gevangenis waar die Jode mense bewaar nie. Hulle moet die keer in die stadsgevangenis gaan sit waar die misdadigers (soos byvoorbeeld Barnabas) gehou word.
- Dit was 'n tronk wat deur die Romeinse owerheid beheer was.
 - Onder die Romeinse reg het die Sanhedrin ook 'n soort van gebruiksreg ten opsigte van hierdie gevangenis gehad - solank die Romeinse wette daar gegeld het.

Die Heilige Gees laat Lukas niks skryf oor die gemoedstoestand waarin die apostels daar in die tronk was nie.

- Tog weet ons dat dit beslis nie vrolik gegaan het nie - maar hulle was ook nie vasgevang in angsverlorenheid nie.
- Hulle geloof is swaar op die proef gestel.

Hulle het seker maar gedink aan dinge wat tot hulle bemoediging in die Bybel geskryf staan, soos:

As hulle ook die aanval begin - dit is nie uit My nie; wie jou aanval, sal oor jou val. (Jesaja 54:15 AFR53)
En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek. (Jesaja 65:24 AFR53)

Vers 19.

Maar 'n engel van die Here het in die nag die deure van die gevangenis oopgemaak en hulle uitgelei en gesê: (Handelinge 5:19 AFR53)

Die Here antwoord die keer ook buitengewoon.

- Hy stuur nie iemand om hulle in die tronk te gaan vertroos nie.
- Die Here bewerk ook nie iets soos berusting in hulle nie.
- Hy bewerk verlossing.

Die wonder wat gebeur, lê in lyn met die wat die Here laat gebeur het tydens die Here Jesus se opstanding.

- Jesus se graf was verseël.
- Maar die Here stuur 'n engel om die kilp weg te rol.

Hier gebeur iets soortgelyks:

- Die tronk is se deure is gesluit.
- Die Here stuur 'n engel om die deure oop te maak.

Wat is die betekenis van die gebeurtenis?

Die vrug/effek van die Here Jesus se opstanding word daarmee geopenbaar. Die Here Jesus verlos die wat aan Hom behoort.

Kyk na die teenstelling uit verskillende hoeke uit:

- Die hoëpriester staan op en hy sluit die apostels in die openbare tronk toe.
- Die Here staan op en Hy lei sy apostels uit die gevangenis uit.

Of:

- Die vyande van die Here lei sy kerk in die tronk in waar hulle nie aan die wêreld sy boodskap kan verkondig nie.
- 'n Engel van die Here lei hulle uit sodat hulle wel die boodskap van die Here aan die wêreld kan gaan verkondig.

Die Here breek gemaklik die werk en beplanning van die wêreld.

- Die Sanhedrin (met die samewerking van die Romeinse owerheid) slaan toe.
- Een enkele engel maak hulle werk tot niet.

Die jong kerk verstaan meteens dat die Here hulle nie gaan vrystel van vervolging nie, maar dat Hy wel (selfs sonder sleutels) tronkdeure sal oopmaak as Hy hulle wil red.

Die kerk (gelowiges) het verstaan dat die Here onsigbaar werk, sonder dat die wêreld iets daarvan sien of verstaan.

- Die engel het by die wagte wag waggestaan het, verbygegaan sonder om gesien te word.
- Hy het die tronkdeure oopgemaak sonder om gehoor te word.
- Die apostels is losgeboei en uitgelei sonder dat enige van die tronkpersoneel dit kon waarneem.
- Daarna is die tronkdeure weer toegesluit soos wat dit was.

In die daad self word die spot van God met die wat aardse mag besit en dink dat hulle dit teen Hom kan gebruik, openbaar.

- Hulle is belaglik gemaak sonder dat hulle dit agtergekom het!
- Veral die Saduseërs wat die volgende artikel in hulle belydenis het: Daar bestaan geen engele nie.

Die Here se triomf is groot:

- Die Sanhedrin sê: Bly stil en sit in die tronk.
- God sê: Gaan verkondig in die tempel!
- Die engel maak die pad oop dat dit fisies moontlik is om te verkondig.

Vers 20 – 23

En hulle het geluister en vroeg in die môre in die tempel gegaan en begin leer. Maar die hoëpriester en die wat saam met hom was, het gekom en die Raad en al die oudstes van die kinders van Israel bymekaar geroep; en hulle het na die gevangenis gestuur om hulle te laat haal. Maar toe die dienaars daar kom, het hulle hul nie in die gevangenis gekry nie; en hulle het omgedraai en berig gebring en gesê: Die gevangenis het ons in alle sekerheid toegesluit gevind, en die wagte het buite gestaan voor die deure; maar toe ons oopmaak, kry ons niemand daarbinne nie. (Handelinge 5:21-23 AFR53)

Sonder uitstel en sonder aarseling gehoorsaam die apostels.

- Hulle is die môre met eerste lig tempel toe om te gaan preek.
- Die tempel is met dagbreek oopgesluit sodat die mense wat vroeg kom, al kan gaan bid.

Hoe gebeur dit dat mense direk terugstap in die gevaar in? Hulle weet mos dat hulle weer gevang gaan word!

- Dit gebeur dat mense wat gedryf word deur God die Heilige Gees, nie bang is vir gevaar nie.
- Vir hulle staan God se eer en gehoorsaamheid aan Hom voorop. Gehoorsaamheid is vir sulke mense die hoogste prioriteit.

Vrae:

- Waarom is die Godsdiensteleiers nie vroegdag al besig met aanbidding nie?
- Hoe ernstig is hulle geloof dan?
- Is dit sonder rede dat die Heilige Gees op hierdie punt met die openbaring dadelik oorslaan deur te vertel wat in die vyand se kamp gebeur?

Net vir interessantheid:

Die twee gedagtekomponente wat teenoor mekaar staan, begin altwee met maar.

- Maar die engel (vers 19).
- Maar die hoëpriester (vers 21b).

Betekenis: die maar van mense kom altyd te staan teenoor die maar van God.

Die ironie is dat die hoëpriester tot op daardie stadium nog niks geweet het van die engel nie - hy was dus in verzet teen die Here sonder dat hy dit geweet het. So gaan dit baie keer met sondaars.

Let op wie kom almal saam om die apostels te verhoor:

Maar die hoëpriester en die wat saam met hom was, het gekom en die Raad en al die oudstes van die kinders van Israel bymekaar geroep

Ten minste die hele Sanhedrin en al die owerstes van die volk.

Die vraag is waarom daar so 'n geweldige groot vergadering opgeroep was?

- Die antwoord is dat vantevore daar net twee apostels (Petrus en Johannes) verhoor was.
- Hulle het die Sanhedrin baie moeilike tye gegee, en uiteindelik moes hulle hulle vrylaat sonder dat hulle iets konstruktiefs kon doen.
- Hulle het goed verstaan dat die apostels nie saggte teikens was nie!
 - Die keer is die saak ook erger, want hulle het meer van die apostels wat nou as 'n span hanteer moet word.
 - Hulle kan dus baie meer moeilikheid verwag! Daarom word die hele opsienskorps van die volk opgeroep.

Die Sanhedrin het drie klasse van lede gehad:

- Die hoogste klas was die priesterlike aristokrasie.
- Die tweede klas was diewetsgeleerdes.
- Die derde groep was die oudstes/ouderlinge.

Vraag: Hoeveel apostels is gevang?

Dit is duidelik dat daar by die geleentheid nie baie tyd gemors is om 'n klag geformuleer te kry nie. Die klag was mos voor die hand liggend:

- Die apostels was ongehoorsaam aan die opdrag van die Sanhedrin dat hulle moet ophou om die Here Jesus en die opstanding uit die dood te preek.
- Hulle was ongehoorsaam, want hulle het met 'n baie groot en entoesiastiese ywer daarmee aangegaan.

Daarom word die wagte bloot aangesê om die gevangenes te gaan haal!

Dan is daar die oomblik van geweldige verleentheid! Watter gevangenes? Die tronk is leeg!

en hulle het na die gevangenis gestuur om hulle te laat haal. Maar toe die dienaars daar kom, het hulle hul nie in die gevangenis gekry nie; en hulle het omgedraai en berig gebring en gesê: Die gevangenis het ons in alle sekerheid toegesluit gevind, en die wagte het buite gestaan voor die deure; maar toe ons oopmaak, kry ons niemand daarbinne nie.

Dink net aan die skok en die verleentheid:

- Alle belangrike leiers is opgeroep en teenwoordig.
- Die lug is dik van die nydigheid.
- Almal is reg om te straf en te veroordeel.

Maar daar is niemand wat voor hierdie tribunaal kan verskyn nie.

- Die gevangenes is op 'n geheimsinnige manier net weg!
- Die wagte is onskuldig! Hulle was almal op hulle poste.
- Is daar dalk 'n deur oopgelaat? Nee die tronkdeure is almal ondersoek. Almal is behoorlik gesluit.

Die spul wat daar saam is, is verbysterd. Alle natuurlike maniere vir ontsnapping is ondersoek - en hulle is almal uitgeskakel. Niemand het geweet wat van die apostels geword het nie!

Daar het dus 'n wonderwerk plaasgevind!

Vers 24.

En toe die hoëpriester en die hoofman van die tempel en die owerpriesters hierdie woorde hoor, was hulle daarmee verleë wat nou hiervan sou word. (Handelinge 5:24 AFR53)

Meteens is hierdie hoë raad radeloos.

Hulle is meer as ontsteld en verbaas.

Die Bybel gebruik die woord verleë (letterlik: totaal verlore/"to be in perplexity")

- Die woord verleë beskryf die situasie wanneer 'n mens sy eie reëls maak en dan vasloop omdat hy die reëls van die Here nie verstaan nie.
- So 'n persoon is dan verdwaal en verleë - vol onverstaan en verwarring.
- Dit gebeur met alle mense wat nie Geestelik en Goddelik kan dink nie.

Ten opsigte van die apostels word waar (en dit is van alle gelowiges die geval) dat daar 'n punt kom wanneer die Here jou saak regstel. Dit is al in die Ou Testament geprofeteer:

...en Hy sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag. (Psalm 37:6 AFR53)

Vers 25.

En daar kom een en bring aan hulle berig en sê: Kyk, die manne wat julle in die gevangenis gesit het, staan in die tempel en leer die volk. (Handelinge 5:25 AFR53)

Die manne wat by die booswigte 'n plek gekry het, staan in die heiligdom van God!

- Die maghebbers wou hulle stilmaak, maar hulle leer die volk!
- Die nuus wat die moedelse raadslede bereik, wek verbasing, maar terselfdertyd nuwe neidigheid.
- Die vervolging moet voortgaan, maar hoe?

Die antwoord word deur die nuusdraer maklik gemaak:

- Die apostels staan in die tempel.
- Hulle kruip nêrens weg nie.
- Hulle is in die openbaar besig met dit waarvoor hulle staan: Hulle verkondig Jesus Christus die lewende God en Verlosser. Vers 26.

Daarop gaan die hoofman met die dienaars en bring hulle, maar nie met geweld nie, uit vrees vir die volk dat hulle gestenig sou word. (Handelinge 5:26 AFR53)

Die Heilige Gees pen die val van die Sanhedrin teenoor die Christendom neer!

Die Sanhedrin is bang vir die volk.

Hulle het op hierdie oomblik hulle minderwaardigheid teenoor die apostels besef.

Die effek van die apostels se terugantwoord word hier duidelik gesien:

Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; (Handelinge 4:19 AFR53)

Weereens is hier 'n geweldige kontras:

- Die apostels vrees net God – hulle vrees geen mens nie.
- Die Sanhedrin vrees die volk!

Die hoofman gaan haal die apostels.

- Maar onder die beskikking van God die Heilige Gees word daar mooi met hulle gewerk.
- Daar is nie geweld nie.

Die gesindheid van die vyande van God is nog steeds dieselfde en hulle haat en wroeging is niks minder nie - maar hulle optrede is kwaai getemper.

- Hulle word duidelik deur 'n baie groter Mag bestuur om met God se gesante met versigtigheid te werk.

- Die apostels is dus in alle ordentlikheid versoek om saam te kom.
- Hulle gaan omdat hulle hierin hulle roeping om die evangelie te gaan verdedig, verstaan.

Voordie Raad!

Handelinge 5:27-33

Vers 27, 28

Hulle het hul dan gebring en voor die Raad gestel; en die hoëpriester het hulle gevra en gesê: (Handelinge 5:27 AFR53)

Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie? En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul; en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring. (Handelinge 5:28 AFR53)

Die apostels word in die raadsaal van die Sanhedrin ingelei.

Twee groot magte ontmoet mekaar amptelik:

- Die Sanhedrin vergader amptelik – en amptelik verteenwoordig hulle die kerkgemeenskap wat hulle teen God die Verlosser verset.
- Die apostels is amptelik in die Naam van die Here Jesus Christus daar. Hulle is amptelik verteenwoordigers van die groot Koning wat hulle uitgestuur het in sy Naam en die Vader se Naam.

Jesussê toe weervir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. (Johannes 20:21 AFR53)

- Die twee groepe staan amptelik teenoor mekaar. Hulle verteenwoordig twee wêreldes wat totaal onversoenbaar is met mekaar.
 - Die Sanhedrin is vol nyd.
 - Die apostels is vervul met die Heilige Gees.

Kyk hoe loop die geskiedenis:

- Jesus het 'n tyd tevore alleen voor hierdie selfde Raad gestaan.
- Nou staan almal wat Hy geroep en gestuur het voor dieselfde Raad (op dieselfde plek?)
- Jesus was gevang en gedwing om voor die Raad te staan en vals beskuldig te word.
- Die apostels het uit vrye wil gekom omdat hulle versoek is.

Dis 'n kritiese oomblik.

- Die Raadsaal is 'n slagveld waar nie twee stalle soldate teen mekaar veg nie, maar die aanvoeders van die hemelse en die aardse magte.
- Dis 'n beslissende oomblik in die geskiedenis van die Kerk – dus van die uitverkore mensheid.

Waarskynlik was die volgende apostels almal by die geleentheid teenwoordig:

Simon Petrus en sy broer **Andreas, Johannes en Jakobus** – die seuns van die donder, **Filippus en Bartolomeüs, Matteus** en **Thomas, Jakobus** die seun van **Alfeüs, Simon** die seloot, **Judas** die broer van **Jakobus** en **Matthias**

Laasgenoemde is mos verkies in die plek van Judas – Handelinge 1:26:

Toewerp hulle die lot, en die lot het op Matthias geval; en hy is gekies om saam met die elf apostelste wees. (Handelinge 1:26 AFR53)

Die eerste vraag:

Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie?

Aggressie is skerp. Waarom? Omdat die Sanhedrin net gevaar voor hulle sien.

- Hulle sien daar buite op die straat fisies die gevaar van 'n volk wat hulle gaan stenig as hulle iets verkeers met die apostels doen.
- Verder sien hulle dat die manne mense gesondmaak – die simbool van verlossing en die ewige lewe – en hulle het dit nie!

Die apostels word gedagvaar oor die feit en inhoud van hulle prediking.

- Tydens die vorige sitting van die Sanhedrin het hulle met hulle menslike oordeel vasgestel dat die prediking van die apostels vals is. Daarom is hulle verbied om verder die verlossing en die opstanding in en deur die Here Jesus te preek.
- Intussen het die apostels voortgegaan om die verlossing en opstanding deur die Here Jesus te preek.
- Hulle het dit bevestig met wonders wat hulle gedoen het.
- Die volk het die apostels met groot agting gevolg.

Die saak wat verhoor word, is nie inhoudelik van aard nie.

- Daar word nie weer besin of Jesus die Nasarener wel die Seun van God is nie.
- Hulle het vantevore klaar besluit dat Hy in hulle oë 'n vervloekte is.
- Almal wat sy Naam verkondig, moet saam met Hom hulle vloek dra.

Die saak wat verhoor word, is dus bloot 'n formele kwessie:

- Die apostels is ongehoorsaam aan 'n uitdruklike opdrag.
- Omdat die Sanhedrin die hoogste en heiligste Raad van die Jode is, is dit die ergste oortreding waaraan 'n Jood kan dink as iemand 'n opdrag van die Sanhedrin verontagsaam.
- **Hulle het gedink dat iemand wat die Sanhedrin verontagsaam, die heiligheid van God aanrand!**

Daar was net een straf vir so 'n oortreding: Die doodstraf.

Daar gebeur tog iets belangriks in die verhoor!

- **Let op dat die voorsitter van die Sanhedrin nie een enkele woord vra oor die raaiselagtige ontsnapping uit die tronk uit nie!**
- **Die hele Raad het deur die feit van die ontsnapping gevoel hoe die situasie met hulle spot!**
- **Hulle het geweet dat die antwoord wat die apostels gaan gee net hulle verleentheid gaan vergroot.**

Let ook verder op dat die hoëpriester die Here Jesus se Naam vermy! Hy sê vir die apostels: **Het ons julle nie uitdruklik verbiedom in dié Naam te leer nie?**

Vraag: Is dit uit vrees dat dit dan dalk mag klink of hy die Here Jesus bely?

Let ook op die verwyf:

- **En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul;**
- Die bedoeling is: Julle het die heilige stad met julle leer besmet!

Wat die hoëpriester nie verstaan nie, is dat hy besig is met 'n lofsang aan die hoogste God!

- Hy gee getuigenis van die getrouheid van die dienaars van die Here Jesus – hulle doen wat Hy aan hulle opgedra het om te doen!
- Hulle het die mense se siek liggame gesond gemaak.
- Hulle het ook aan honger siele die voedsel van verlossing in die Here Jesus gepreek.

Hierin lê daar 'n profesie: As die Kerk van die Here Jesus by die waarheid sal bly, en hulle ywer behou, sal die Kerk al hoe verder in die wêreld uitkring!

Vraag: Waarom krimp die Christelike kerke dan so geweldig in ons tyd?

Let ook op dat die Sanhedrin nog 'n klag het!

- Hierdie klag is 'n verwyting en dit is ook skuldverplasing.
- Hulle wil hulleself daarmee onskuldig stel omdat hulle die Here Jesus gekruisig het.

... en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring.

Die logiese afleiding is dat die apostels natuurlik elke keer in hulle weergawe van die verhaal vir die volk vertel het hoe agterbaks en verkeerd die Sanhedrin in hulle optrede was toe hulle die Here Jesus gekruisig het.

Dié stories moes by die Sanhedrin uitgekom het.

Vrae:

- **Was hulle dalk in die tempel teenwoordig waar die apostels dit openlik geleer het?**
- **Met die uitstorting van die Heilige Gees is hulle ook hieroor openlik aan die kaak gestel. Was daar toe van hulle teenwoordig?**

Wat opval, is dat die hoëpriester ook hierdie keer Jesus se Naam vermy. Hy praat van **hierdie Man**. Daarmee ontken hy die Here Jesus se Godheid. Maar daarmee openbaar hulle ook iets van vrees/angs. Die dag met die kruisiging het hulle dit uitgeroep dat die Here Jesus se bloed op hulle en hulle kinders moet kom.

En die hele volk antwoord sê: Laatsy bloed op ons en op ons kinders kom! (Matteus 27:25 AFR53)

Daardie dag was almal baie dapper,

- maar nou dat Jesus opgestaan het en hemel toe gevaar het
- en die apostels sommer uit 'n beveiligde tronk uit kon ontsnap, is hulle nie meer so dapper nie.

Hulle was bang dat hierdie vloek nou werklik boemerang en op hulle en hulle kinders gaan neerkom en iets leliks aan hulle doen.

Die hoëpriester erken dus twee dinge:

- Die klein groepie apostels het – teen die wens en opdrag van die Sanhedrin in – die hele stad vervul met die leer van verlossing deur die Here Jesus Christus.
- Hulle skryf aan die apostels die mag toe om hulle slagoffers van 'n bloedwraak te maak.

Die verweer

Petrus tree op as die woordvoerder van die apostels.

Vers 29

En Petrus en die apostels antwoord sê: Ons moet aan God meergehoorsaam wees as aan die mense (Handelinge 5:29 AFR53)

NB: Hier is 'n fyn taalkonstruksie: Lukas plaas die eerste werkwoord in die enkelvoud en daarna die ander werkwoorde in die meervoud. Dit dui aan dat Petrus die spreekbuis is, maar almal is dit hartlik eens met wat hy sê.

Die antwoord van Petrus gee kernsake kernagtig weer. Die gedagtegang is georden en logies en vorm 'n mooi eenheid.

Petrus antwoord eerste op die beskuldiging ten opsigte van die formele oortreding:

Ons moet aan God meergehoorsaam wees as aan die mense.

Tydens die eerste verhoor deur die Sanhedrin het Petrus dieselfde gesê. Hy het dit toe net as 'n indirekte vraag gestel – maar hulle bedoeling en hoe hulle sou optree, is daardeur baie duidelik gemaak:

Toe antwoord Petrus en Johannesen sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; (Handelinge 4:19 AFR53)

Die twee groepe speel kat-en-muis.

- Die hoëpriester gaan verder waar hy met die vorige verhoor opgehou het: Waarom doen julle wat ons julle verbied het om te doen.
- Net so begin Petrus ook met sy laaste woorde tydens die vorige verhoor.
 - Tog is daar 'n verskil. Toe het hy die Sanhedrin opgeroep om 'n saak met God uit te maak waarom die apostels eerder aan die Sanhedrin as aan God gehoorsaam moet wees.
 - Intussen het dit duidelik geword dat die Sanhedrin nie die insig het om hierdie besluit na waarheid te kan beoordeel nie.
 - Daarom stel Petrus die beslissing waartoe hulle eie oordeel hulle gebring het:

Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.

Die klag word verskuif!

- Met Petrus se woorde word die Sanhedrin beskuldig dat hulle kwansuis die Here se sake hanteer, maar hulle staan teenoor God.
- Vir die apostels om God te kan gehoorsaam moet hulle aan die Sanhedrin ongehoorsaam wees.

Die apostels kondig dus 'n Reformasie aan!

Hierdie gedeelte kondig 'n belangrike beginsel af:

- Ons mag ons nie sommer ligweg verset teen die gesag wat oor ons gestel is nie.
- Dit is revolusie.
- Die Here is nie 'n Voorstander van revolusie nie.
- Die Here regeer ons ook deur die gesag van menslike instellings wat Hy oor ons stel, soos byvoorbeeld die regering.
- Ons moet aan die regering gehoorsaam wees – selfs as dit 'n heidense regering is.

Kyk wat leer die Heilige Gees ons oor hierdie saak deur die apostel Paulus se pen:

Laat elke mens hom onderwerpaan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag verset, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeiedade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die magnie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang; want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaaddoen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaaddoen, te straf. (Romeine 13:1-4 AFR53)

Alleenlik wanneer die regering (of watter gesagsinstelling ook al) hom teen God verset, moet ons die Here bo so 'n gesagstruktuur gehoorsaam wees.

Ons bely die volgende in die Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 36:

Die Burgerlike Owerheid

Ons glo dat ons goeie God van weë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het.

- *Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop.*
- *Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoener te straf (Romeine 13:4) en die deugsameste beskerm.*

- *En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuuraandagte gee en daaroor te waak nie*
- *maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm,*
- *om sodoende alle afgodery en valse godsdienste te gaan en uit te roei,*
- *die ryk van die antichriste vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder,*
- *die Woorden die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeengeëeren gedien word soos Hy in sy Woord beveel.*

Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees,

- *om hooftaan die owerhedete onderwerp,*
- *belastingte betaal,*
- *aan hulle eeren onderdanigheidte bewys,*
- ***hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie***
- *en vir hulle voortbiddingte doen dat die Here hulle in al hulle handelingemag bestuur, sodat ons in alle godsvrugen eerbaarheid'n rustige en stil lewewan lei (1 Tim 2:2).*

Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerigemense in die algemeen almal wat die owerheids gesagen die regeerders wil verwerpen die regsorde omverwil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoeren die eerbaarheid wat God onder mense ingestel het, versteur.

Die apostels is nie besig met rebellie teen die Sanhedrin nie.

- Hulle staan vir die waarheid.
- Hulle verkondig dit met die vryheid wat hulle van die Here Jesus ontvang het – hulle word deur niks gebind of verbied om sy Woord uit te dra nie.

Petrus en die apostels het hulle nie laat bang maak deur die gesag en die straf van die Sanhedrin nie.

- Die rede: Omdat hulle die vorige nag reeds die vrymakende en verlossende mag van die Here Jesus Christus ervaar het toe sy engel hulle uit die tronk uitgelei het.
- Die apostels het op daardie oomblik baie goed verstaan wat die Here Jesus bedoel het toe Hy gesê het:

As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. (Johannes 8:36 AFR53)

Vers 30

Die God van ons vaders het Jesus opgewek, wat julle omgebring het deur Hooftaan 'n kruishoutte hang. (Handelinge 5:30 AFR53)

Omdat die apostels in die gesag van die Hoogste Koning daarvoor die Sanhedrin gestaan het, het hulle heelwat om te sê.

Die res van wat hulle te sê het, raak twee sake:

- Dit wys die Sanhedrin daarop dat hulle hulle aan die gesag van God behoort te onderwerp as hulle die saak van die Here wil dien – wat hulle veronderstel was om te doen.
- Hulle laat die bloed van die Here Jesus op die Sanhedrin neerkom – presies dit wat die Sanhedrin gevrees het!

Daarom begin die apostels by die seerste punt van die waarheid.

- God het die Here Jesus Christus opgewek uit die dood.
- Julle het Hom doodgemaak.
- Julle het Hom aan 'n houtkruis opgehang.

Dis was presies wat die Sanhedrin nie wou hoor nie, en wat hulle probeer besweer het!

Die uitdrukking: **Die God van ons vaders** is 'n belydenis wat gebruik is om God as God van die Verbond te bely, maar

daarmee saam die eenheid tussen God en die volk, kragtens die verbond.

- Daarmee toon die apostels aan dat die Sanhedrin verkeerd is as hulle die apostels daarvan beskuldig dat hulle 'n nuwe leer voordra.
- Hulle dra dieselfde leer voor wat die Here nog al die jare aan hulle geopenbaar het.
- Hulle preek net die vervulling van daardie verbond in die Here Jesus Christus.
- Die God van die verbond het die Here Jesus uit die dood opgewek – Hy het Hom laat opstaan.

Die implikasie is dat die (voor)vaders dus die Here Jesus sou herken en aanvaar het as die Verlosser!

Die preek moes vir die Sanhedrin 'n geweldige skok gewees het.

Die bloed van die Here Jesus kleef aan hulle hande, want hulle het die regter en die soldate gebruik as marionette om Jesus dood te maak.

Kyk na Petrus se woordspeling: Julle het Hom aan 'n hout opgehang.

- Dit was in Joodse terme die verskriklikste ding om te sê!
- Dit het in ons terme beteken dat die Sanhedrin daarvan beskuldig is dat hulle die grofste misdaad denkbaar teen 'n mens begaan het.

Die Sanhedrin het die wet goed geken:

... dan magsy lyk nie aan die paal oornag, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die Here jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie.
(Deuteronomium 21:23 AFR53)

Met die woorde verklaar Petrus ook by implikasie dat God teen die Sanhedrin is! God het hulle werk omgekeer!

Die Sanhedrin hoor die volgende:

Julle het Jesus opgehang aan 'n hout en Hom doodgemaak, maar God het Hom opgewek – dis waarom die werk van God met soveel glorie uitbrei dat dit al die hele stad vervul.

Vers 31

Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk. (Handelinge 5:31 AFR53)

Die laagheid van die Sanhedrin word uitgespeel teen die hoogheid van Jesus!

- Die Sanhedrin het gedink hulle het die saak gewen toe die Here Jesus dood is.
- Nou blyk dit dat die Jesus wat hulle doodgemaak het, verhoog is tot aan die regterhand van God.
 - Hy is verheerlik
 - en hulle is vervloek as gevolg van sy bloed wat op hulle hande is.
- Die kontras word verder beklemtoon:
 - Julle is vervolgers: Daarom staan ons in hierdie hofsaal.
 - Hy is 'n Redder en Verlosser: Daarom word die siekes gesond en kon ons deur die tronk uitstap sonder dat julle wagte dit eers kon agterkom.

... verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk.

Die Sanhedrin het verstaan dat hulle laste en beperkinge op die volk van God lê. Maar die Here Jesus Christus lê nie laste op sy volk nie. Hy is 'n Vorst wat seën: Hy gee bekering en vergewing.

NB: Die Sanhedrin kom nie tot bekering nie en vergewe ook nie. Hulle vervolg uit haat!

Kyk na Petrus se preek, want daarmee openbaar die Here aan die kerk wat sou kom hoe die predikers moet preek:

- Petrus verkondig net die wil en die vervulling van God se beloftes.
- Hy is nie 'n filosoof nie – hy is leraar.

Die kern van Petrus se boodskap is:

- Die Koning wat deur hulle gepreek word, is die Vors van die geestelike wêreld.
- Die Vors wat aan die regterhand van God is, gee bekering en lewe.

Petrus wys daarop dat die doel van hulle prediking – en dus ook die verlossing deur die Here Jesus Christus – dieselfde volk dien as wat die Sanhedrin dien: Israel.

Vers 32

En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.
(Handelinge 5:32 AFR53)

Dit is die hoogtepunt van die kort rede wat Petrus voer.

- Die Sanhedrin weet dat die apostels nie ly en veg vir hulle eie saak of vir hulle eie eer nie.
- Hulle getuig net van die waarheid en die werklikheid waarvan hulle ten volle oortuig is.

Die waarheid word in hulle gevestig deur die lewende Gees van God. Die konsekwensies is dus:

- As die Sanhedrin die getuie van die Heilige Gees verwerp, maak hulle die Heilige Gees tot leuenaar.
- Dit is sonde teen die Heilige Gees – dit is die een sonde wat die Here nie in hierdie lewe of in die lewe hierna vergewe nie!

En elkeen wat 'n woord teen die Seun van die mens sal spreek, dit sal Hom vergeword; maar vir hom wat gelaster het teen die Heilige Gees, sal dit nie vergeword nie. (Lukas 12:10 AFR53)

Daarom sê ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergeword, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergeword nie. (Matteus 12:31 AFR53)

Waarom kon hierdie mense nie die stem en die openbaring van God die Heilige Gees hoor en sien nie?

God gee sy Heilige Gees aan die wat Hom gehoorsaam is.

Die verborgedinge is vir die Here onse God; maar die geopenbaardedinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet. (Deuteronomium 29:29 AFR53)

Dit is ook so dat daar mense is wat God ken (wat onder andere gedoop is en belydenis van geloof afgelê het) en wat dan ongehoorsaam word aan die Here.

- Dit gebeur dat God die Heilige Gees deur hierdie mense se verharding breek en hulle oorwin sodat hulle weer gehoorsaam word – dis hoe ons almal gered word!
- Dan is daar 'n ongehoorsaamheid wat nie deur God die Heilige Gees gesond gemaak word nie. Hierdie soort ongehoorsaamheid word gestraf met verharding teen die Here (soos Farao!).

Petrus sluit dus af waar hy begin het: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense!

Vers 33

Toe hulle dit hoor, was hulle woedend en wou hulle om die lewe bring. (Handelinge 5:33 AFR53)

Kyk hoe verskil die trefkrag van die preek tussen die Sanhedrin en die volk!

- By die volk het dit veroorsaak dat duisende tot bekering kom.
- By die Sanhedrin was almal meteens woedend!

- Letterlik staan daar dat hulle harte middeldeur gesaag word!

Kyk na die eindpunt van God se Woord op die ongehoorsame en eiegeregtige mense:

- In plaas daarvan dat hulle deur die werking van God die Heilige Gees tot bekering en tot verootmoediging kom,
- word die Woord van God 'n tweesnydende swaard (saag!) wat hulle laat omslaan in verbittering en woede.

Tog moet ons baie saggies oordeel: Woede is baie keer 'n neweproduk van liefde!

Onthou:

- Die Sanhedrin het die volk lief.
- Hulle het die tempel lief.

Die apostels is uit hulle hoek gesien aanranders van hulle volk en hulle heiligdom!

- Maar dis ook juis die gevaar: Afgodiese liefde maak woede en aggressie wakker!
- Daarom wil hulle die apostels doodmaak – teen die God wat hulle dien se opdrag in.

Jymagnie doodslaannie. (Eksodus 20:13 AFR53)

NB Die saak van die apostels is aangehoor en veroordeel – sonder dat dit getoets is.

Die doodstraf bring hulle egter voor 'n groot probleem: As hulle die apostels stenig, gaan die volk hulle stenig!

Hoe nou?

Gamaliëlse toespraak in die Sanhedrin (Handelinge 5:34-42)

Nadat Petrus sy toespraak gelewer het, was die Joodse Raad in 'n groot dilemma. Hulle kon net een van twee dinge doen, en altwee sou vir hulle skade beteken. Hulle moes dus in daardie stadium taamlik baie “damage control” doen.

- Die keuse wat hulle moes maak, het gelê tussen ***hulle lewe*** en ***hulle gesag***.
- Anders gestel: hulle moes kies tussen ***wraaksug*** en ***eersug***.

Wat was die keuse in praktyk?

- Hulle kon hulle besluit om die apostels dood te maak, deurvoer – maar dan het hulle die risiko geloop dat die volk hulle ook sou stenig. Die vraag is: Watter nut het dit as altwee die partye uitgewis word?
- Die tweede moontlikheid was dat hulle die apostels doodgewoon loslaat dat hulle hulle gang gaan. In daardie geval sou die Sanhedrin al sy aansien verloor!

Nie een van die twee moontlikhede was aanvaarbaar nie. Daarom het hulle gesoek na 'n ander soort oplossing waarmee hulle hulle eer (gesag) en hulle lewens kon behou.

- NB Dit gaan nie om die waarheid nie!
- Dit gaan oor oorlewing!
- Hoe dikwels is dit nie dié soort verkeerdheid wat agter mense se optredes skuil nie – hier nogal 'n vergadering wat veronderstel was om die saak van die Here te dien!

Vers 34

Maar 'n Fariseër met die naam van Gamaliël, 'n leraar van die wet wat by die hele volk hoog in aansien was, het in die Raad opgestaan en bevel gegee dat hulle die apostels 'n bietjie buitentoe moes bring. (Handelinge 5:34 AFR53)

Gamaliël beteken ***vergelding van God***

(Sommer net 'n stukkie humor: Hoe teleurgesteld moet 'n pa oor sy pasgebore seun wees dat hy hom 'n naam gee waaruit dit duidelik is dat hy dink die Here neem wraak op hom – daarom gee die Here vir hom hierdie kind?)

Sommer net 'n bietjie agtergrond: Daar was twee manne wie se naam Gamaliël was.

- Hierdie een wat in die Joodse geskrifte bekend is as Gamaliël I, of Gamaliël die Oue.
- Die ander een was Gamaliël die Oue se kleinseun.
 - Hierdie kleinseun was ook 'n bekende rabbi.

Hierdie Gamaliël die Oue was self 'n baie imposante figuur. Die Talmud gee die volgende gegewens van hom:

- Hy was 'n “dosent” in die gematigde skool van Hillel.
 - Daar was toe al strominge van mense wat meer fanaties was oor hulle godsdienst as ander – soos die skool van Schammai wat fanaties was.
 - Gamaliël was dus 'n mens met baie gematigde standpunte (lewensbeskouing).
- Hy sou so populêr gewees het as wetsgeleerde dat hy duisend leerlinge gehad het.
 - Hy was dosent in
 - Die Wet
 - Die Griekse Wysheid
 - Griekse Digkuns en Letterkunde.
- Saulus van Tarsus was een van sy leerlinge.

Die man wat dus hierin die Sanhedrin opstaan om 'n voorstel te maak oor wat in verband met die apostels se saak gedoen moet word, is 'n hooggespekteerdeman met aansien en met 'n groot invloed oor die volk – iemand na wie ander mense luister.

Wat die man merkwaardig maak, is omdat die oënskynlik onskuldige opmerking in die Bybel – **'n leraar van die wet wat by die hele volk hoog in aansien was – nie so onskuldig is nie.**

- Fariseërs was oor die algemeen nie baie populêr onder die volk nie.
- Hulle was hoogmoedig en het die ongeleerdes onder die volk – en ook enigiemand wat 'n fout maak en die wet oortree – as vervloektes beskou.

Maar hierdie skare wat die wet nie ken nie, is vervloek! (Johannes 7:49 AFR53)

Gamaliël is dus 'n uitsondering op die reël.

Daar is 'n oorlewing uit daardie tyd dat Gamaliël en sy seun (die naam is onbekend) en Nikodemus in hierdie tyd oorgegaan het en by die Christene aangesluit het! Dis bloot 'n oorlewing – maar tog laat dit die vraag ontstaan waarom daar dan so 'n oorlewing sou wees as daar geen waarheid in steek nie?

Kyk wat doen Gamaliël in die Sanhedrin:

... het in die Raad opgestaan en bevel gegee dat hulle die apostels 'n bietjie buitentoemoesbring.

Die versoek wat hy rig, wys dat hy versigtig optree.

- Hy wil nie die Sanhedrin teen die apostels afspeel en lelik wees teenoor enige van die twee partye nie.
- In ons terme sou ons sê hy het sy optrede begin met 'n ordevoorstel of ordereëling.

Die logiese afleiding is dat dit in daardie stadium dus taamlik woes gegaan het in die vergadering.

- Dit word bevestig deur die feit dat Gamaliël sy voorstel **beveel**
- Hy het geen gesag gehad waarmee hy kon **beveel** nie, want hy was nie die voorsitter nie.
- Waarskynlik moes hy net baie hard praat om hoorbaar te wees en om net almal tot orde te roep.

Vrae:

- Was die versoek om die apostels uit te stuur, dalk omdat die Sanhedrin begin skaam kry het oor hulle onbeheersde gedrag en die feit dat die apostels dit moes staan en aanskou?
- Het die feit dat hulle vergadering buite beheer geraak het, dalk hulle verleentheid voor die apostels vergroot?

Die professor in Joodse Reg begin met die vergadering praat: Dis duidelik dat ook hy die werklike saak nie aanspreek nie.

- Hy praat ook nie oor hoe hulle die waarheid en die hantering daarvan moet vasstel nie.
- Hy praat oor hoe hulle die probleem waarin hulle vasgeval het, kan omseil.

Vers 35

Toesê hy vir hulle: Israeliete, pas op wat julle gaan doen met hierdie manne; (Handelinge 5:35 AFR53)

Die aanspreekvorm **Israeliete** wys al klaar waarheen sy toespraak mik: Dit gaan oor nasionale belange.

- In 'n vergadering wat die verlossingsraad van God op sy agenda het, word daar meteens met die aanspreekvorm daarop gewys dat die saak in volksbelang hanteer moet word!
- Godsdien word dus deur die politiek van die dag beheers – *what's new?*

Daar is 'n klemverskuiwing:

- Dit gaan nie oor die apostels nie – dit gaan oor hulleself!
- Pasop wat julle doen – anders gesê: beskerm julle eer en julle veiligheid!
- Die Leidse vertaling van die Bybel lees hier: **Bedenk in uwe eigen belang goed.**

Sy betoog loop so:

- Dit is nie verstandig om die mense dood te maak nie.
- Dit is ook nie nodig nie.
- Die geskiedenis leer dat mense wat nie 'n saak het nie, mettertyd hulle eie graf grawe.
- Dan gee hy 'n aantal geskiedenisfeite om sy saak te demonstreer.

Vers 36

. . . want nie lank gelede nie het Theudas opgestaan en gesê dat hy iets besonder was. By hom het 'n aantal mense – omtrent vier honderd – aangesluit. Hy is gedood, en almal wat na hom geluister het, is uitmekaar gejaag en het tot niet geword. (Handelinge 5:36 AFR53)

Die naam Theudas is 'n verwerking van die Hebreeuse naam Matthias – wat in Grieks Theodorus word. Theudas is net 'n verkorting van Theodorus. Uit die Bybel weet ons van die Theudas niks – maar die Romeine weet wel van 'n Theudas. Flavius Josephus – 'n geskiedskrywer uit daardie tyd – skryf van die Theudas die volgende:

- Theudas het geleef toe Cuspius Fadus die regeerder van Judea was.
- Theudas was 'n beroemde geestesbesweerder.
- Mettertyd het hy hom ook as profeet uitgegee.
- Hy het 'n hele aanhang agter hom opgebou en die spulletjie is agter hom aan na die Jordaan toe waar hy glo die bewyse sou lewer van dinge wat hy voorspel het.
 - Hy sou glo ook soos Elia die Jordaan oopkloof en met droë voete daardeur loop.

En vyftig man van die profeteseuns het geloope op 'n afstande en kant gestaan, terwyl hulle twee by die Jordaan staan. Toeneem Elia sy mantel en rol dit op en slaan op die water; en dit is na weerskante verdeel, sodat hulle twee op droë gronddeurgaan het. (2 Konings 2:7-8 AFR53)

Cuspius Fadus het geweet van hierdie optog.

- Hy het 'n garnisoen soldate agterna gestuur, want hy was bang dat die Theudas regtig die Jordaan sal kan oopkloof en met droë voete daardeur loop.
- Cuspius Fadus het gedink dat so 'n magtige man soos Theudas 'n hewige opstand onder die Jode kon aanhits.
- Die soldate het die spulletjie uitmekaargejaag.
- Theudas is gevang en die soldate het sy kop afgekap.
- Daarmee het die hele beweging doodgeloop.

Vers 37

En ná hom het Judas, die Galileër, opgestaan, in die dae van die inskrywing, en 'n aansienlike getal mense afvallig gemaak agter hom aan. Hy het ook omgekóm, en almal wat na hom geluister het, is verstrooi. (Handelinge 5:37 AFR53)

Flavius beskryf dat daar in daardie jare baie oproermakers en opstokers onder die Jode was. Daar was onder andere ten minste vier van hulle wat die naam Simon gehad het. Verder was daar ten minste drie wie se name **Judas** was.

- Die Bybel self vertel niks verder van die Judas van wie Gamaliël hier gepraat het nie.
- Die Joodse geskrifte het twee kantaantekeninge hierby wat so lees:
 - Die eerste een: *Judas die seun van die moordenaar Ezechias, wat die oproer veroorsaak het toe Argelaus na Rome gereis het om in sy vader Herodesse plek aangestel te word.*
 - Die tweede een: *Judas Gaulonites: wat die volk in opstand gebring het toe Argelaus afgesit en verbanis en die Romeine die gebied van Juda 'n provinsie gemaak het. Die Romeine het die gebied voortaan deur hulle eie stadhouers laat regeer. Hulle het ook die grondgebied van Juda as sulks laat beskryf (geproklameer!).*
- Waarskynlik het Gamaliël van die tweede Judas gepraat.
 - Josefus skryf van hierdie Judas as 'n Gaulanitiese man. Die man was egter van afkoms 'n Galileër.
 - Die Judas het ernstige politieke opsweping veroorsaak omdat die gebied van Juda geproklameer was om onder Romeinse regeerders te val.
 - Maar hy was ook iemand wat godsdienstig groot moleste gemaak het met dweepsieke sektariese prediking.
 - Hy het alle menslike gesag verwerp en net God alleen as die regstreekse Koning van die Jode erken.
 - Die seuns van hierdie Judas het – volgens oorlewering – die party van die selote gestig.

Vers 38

En nou sê ek vir julle, bly af van hierdie manne en laat hulle staan; want as hierdie voorneme of hierdie werk uit menseis, sal dit vernietig word; (Handelinge 5:38 AFR53)

Vir die Sanhedrin was hierdie geskiedkundige redenasie wat Gamaliël voorgedra het, baie duidelik. Daarom het hulle hulle dadelik laat vind vir Gamaliël se waarskuwing:

... bly af van hierdie manne en laat hulle staan!

Gamaliël sê iets moois, want die dieppunt van sy raad is dat hy bely dat die wêreldgeskiedenis in 'n sekere sin ook 'n wêreldgerig (oordeel) is.

- Daar is altyd magte wat op mekaar inwerk en dinge uitsorteer.
- Aan die hoof van alle mag en beskikking staan die almagtige God met sy besluite.
- In Theudas en Judas se gevalle het die Here beskik dat die (plaaslike) aardse regering met geweld ingegryp het en hulle met hulle boosheid en al verwyder het.

Die gelowiges het hulleself oor eeue met hierdie besef getroos. Dink aan Psalm 37:20:

Maar die goddelosesal omkóm die vyand van die Here soos die prag van die weivelde; hulle verdwyn soos rook, hulle verdwyn. (Psalm 37:20 AFR53)

Gamaliël se raad is bloot dat die Kerk (die Sanhedrin was veronderstel om 'n kerkraad te wees wat God se Raad

hanteer!) nie die Here se Raad en dan veral die Here se wraak, in hulle hande moet neem nie. Die Here sorteer sy sake self uit soos Hy dit vasgestel het in die gang van die geskiedenis.

Wat hy dus suggereer is dit:

- As die mense werklik rebelle is, gaan hulle hulle teen die swaard van die Romeinse owerheid vasloop.
- Die Here beskik in sy bestuur in elk geval ook oor die swaard van elke regering van elke land en plek op elke tyd.

Vers 39

... maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie – dat dit nie miskien bevind word dat julle selfs teen God stry nie.
(Handelinge 5:39 AFR53)

Die slot van Gamaliël se toespraak is lerend – omdat dit aantoon dat Gamaliël weet dat niemand en niks teen God in verset kan kom en iets daarmee bereik nie.

Daar is verskillende standpunte oor die vraag waarom Gamaliël die Raad teruggeswaai het van die doodstraf oor die apostels af na hulle vrylating toe: los hulle uit!

- Een moontlikheid is dat hy aangevoel het dat hulle 'n saak het. Hulle het hulle prediking met baie wonders bewys.
- 'n Ander moontlikheid is dat hy bang was dat die volk sou oorgaan tot geweld as hulle iets aan die apostels doen. Daarom het hy hierdie vroomheid gehuigel.
- Die waarskynlikste moontlikheid is dat hy in sy hart presies gevoel het wat Nikodemus al aangevoel het.
 - Sy vrees was ook dieper as vrees vir die volk se geweld – want hy het verstaan dat as hierdie manne God se Raad uitvoer en hulle staan teenoor hulle, God hulle gaan veroordeel.
 - Daarom wou hy geen oordeel vel nie, maar die Here se Raad kans gee om sy loop te neem.
 - Dan kan die verloop van die geskiedenis die wil van die Here verduidelik.

Die woord **as (indien)** kom in vers 38 en 39 voor.

- Dit beteken uit 'n grammaties-taalkundige oorpunt dat daar waarskynlik 'n eerlike oortuiging by Gamaliël was dat die apostels waarskynlik 'n saak het om uit te dra.
- Anders gestel: As kenner van die Wet het hy waarskynlik geglo dat die opgestane Here Jesus wat deur hierdie manne gepreek word en met wonders bevestig word, sterk genoeg is om Israel los te maak van die kettings van die Romeine en om die troon van Dawid weer op te rig.

Die **miskien** waarmee hy afsluit, bevestig hierdie vermoede:

... dat dit nie miskien bevind word dat julle selfs teen God stry nie.

Dit is duidelik dat Gamaliël huiwer teen iemand baie groter as hy. Hy bely dus dat God se werkinge van mense se werkinge en sieninge kan verskil. Daarom sy vermaning: *Kom ons wees versigtig dat ons nie dingegaan doen waaroor ons by God in die moeilikheid gaankom nie!*

As leermeester van die Wet, het hy baie goed geweet wat in Jesaja 55:8 staan:

Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die Here. (Jesaja 55:8 AFR53)

Vraag:

- Is hierdie lydelike en versigtige vermaning van Gamaliël regtig verskoonbaar voor die Here Jesus Christus?

Vers 40

En hulle het na hom geluister. En nadat hulle die apostels ingeroep het, het hulle hul laat slaan en hulle bevel gegee om nie in die Naam van Jesus te spreek nie en hulle laat gaan. (Handelinge 5:40 AFR53)

Die Sanhedrin aanvaar Gamaliël se raad (voorstel?).

Vrae:

- Is dit waar dat hulle vir Gamaliël geluister het?
- Of is dit 'n baie groter Mag wat hulle laat besluit het?

Die Here Jesus wou nie hê dat sy dissipels doodgemaak moet word nie.

- Daarom is die Sanhedrin in hulle besluit om die apostels te laat gaan, die instrument van die Here.
- Net soos wat die Here die leeu se bekke toegehou het toe Daniël in die leeu kuil was, en die geweldige hitte en vlamme in toom gehou het toe Daniël se vriende in die vuur ingesmyt is, net so verhinder Hy die Sanhedrin om sy dissipels dood te maak.

Toe die besluit om die dissipels los te laat uitgevoer moes word, doen hulle dit so pynlik as moontlik vir die apostels (lafaarde het nog altyd geteer op wreedheid en dwang as hulle verloor).

- Skerper as met die vorige hofsitting verbied hulle die apostels om die Naam van die Here Jesus te preek.
- 'n Aantal houe met die gesel moes die erns van die saak bevestig!
- Die houe wat hulle rottang aan die apostels doen, was veronderstel om die gesag van die Sanhedrin weer nuut en vars te bevestig.
- Dit staan teenoor die opdrag om in die gesag van (die Naam) die Here Jesus verder te preek.
- Om mense te gesel was in daardie tyd 'n baie algemene gebruik om opdragte van 'n gesagsliggaam te beklemtoon.
- Die apostels moes dus deur hierdie geselgroewe in hulle liggame gewaarsku wees om dié keer na die Sanhedrin te luister en nie verder die Naam van die Here Jesus te preek nie!

Hier het ons te doen met die heel eerste marteling van Christene!

- Al was die soort straf in daardie tyd algemeen, was dit in die geval van die Sanhedrin vervolgingswoede teen die Here Jesus Christus en sy volgelinge.
- Dit was in daardie stadium vir hulle die enigste alternatief vir die doodstraf vir die apostels.

Vers 41

Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir sy Naam oneerte ly. (Handelinge 5:41 AFR53)

Hoe het die martelare gevoel oor die slae wat hulle gekry het en die bloed wat hulle klere aan hulle lywe laat vasklou het?

- Hulle was bly dat hulle ter wille van die Naam (dit sluit alles in soos die gesag, en ter wille van) van die Here Jesus kon ly.

Vraag:

- Het die Here dit toegelaat omdat Hy ons ook wil laat verstaan dat sy eer eis dat ons die aanvalle van die Satan op sy Kerk dikwels aan ons liggame sal voel?

Sulke dinge gebeur met die Kerk van die Here:

- Dit was juis sodat ons moet verstaan dat daar nie elke keer 'n engel gaan opdaag wat ons saggies uit die tronk (of watter moeilikheid ook al) gaan uitlei nie.
- Dit is sodat die Kerk van toe af moet weet dat die wêreld nie bly en dankbaar gaan wees wanneer ons opreg en eerlik vir die Here Jesus werk nie.
- Die teenstrydigheid van liggaamlike pyn en geestelike vreugde om vir die Here waardig te wees, word in 'n hoër redelikheid opgelos.
- Vir gewone logika is hierdie vers onverstaanbaar.

- Maar geloof het sy eie unieke logika wat anders werk as die profane denke.
- Hulle was mos hierop voorberei, en was nugter genoeg om die vervulling daarvan te verstaan!

Maar pas op vir die mense; want hulle sal jul oorlewer aan regbanke, en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel. (Matteus 10:17 AFR53)

Vir die ware gelowige word die vervolging juis die bewys van die dinge wat die Here Jesus vooruit gesê het! Vir die gelowige self word die blydskap waarmee hy/sy sulke verguising hanteer die bewys van sy volharding en sy getrouheid aan die Here Jesus.

Petrus self het hierdie gebeurtenis as 'n baie skerp kontras beleef met hoe hy vroeër was!

- Nou was hy vol vreugde omdat hy waardig was om ter wille van die Here Jesus gemartel te word.
- Die aand met die verhoor het hy bitterlik begin huil nadat hy die Here verloën het – sonder dat iemand hom geslaan het!

Lyding het vir die gelowige wat dit verstaan, 'n dubbelde betekenis:

- Dis die seël van sy verkiesing,
- maar dis ook 'n dieper ingroei in sy geloof en liefde vir die Here Jesus Christus.

Die voorspelling het gesê dat die Here Jesus stukkend gegesel sou word:

Ploeërs het op my rug geploeg; hulle het hul vore lank getrek. (Psalms 129:3 AFR53)

Hierdie volgende tekste sê almal dat ons ook die pad sal loop:

Esegiël 20:44: **En julle sal weet dat Ek die Here is as Ek met julle handel ter wille van my Naamen nie volgens julle verkeerde wêë of julle verdorwe handelinge, o huis van Israel, spreek die Here Here.**

Matteus 10:22: **En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhardt tot die eind toe, hy sal gered word.**

Matteus 19:29: **En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderdmaal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.**

Matteus 24:9: **Dansal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.**

Markus 13:13: **En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhardt tot die eind toe, hy sal gered word.**

Lukas 21:12: **Maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolgen oorlewer in sinagogen en gevangnisse en julle voor konings en goewerners bring ter wille van my Naam.**

Lukas 21:17: **En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam.**

Johannes 15:21: **Maar al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van my Naam, omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie.**

Openbaring 2:3: **en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbeien nie moeg geword het nie.**

Die fisiese ervaring wat ons deur maak wanneer ons sleg gemaak of geïsoleer word, of selfs vervolgd word ter wille van die getuie wat ons gee vir die Here Jesus Christus, is pynlik en beledigend, maar die geestesvrugte wat dit oplewer, is soet.

Dink hier aan die woorde van Hebreërs 12:11:

Noulykelketugtigingof dit op die oombliknie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefenis. (Hebreërs 12:11 AFR53)

Die vreugde van iemand wat in die Here Jesus oorwin, laat elke bloedbad verander in 'n fees van heerlijkheid – 'n fees wat gegrond is in die besef en wete dat die herskepping by die Here se wederkoms pyn en vernedering soos hierdie vir ewig sal uitwis.

Vers 42

En hulle het nie opgehou om elke dag in die tempelen van huis tot huise te leer nie, en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is. (Handelinge 5:42 AFR53)

Al die slae en dreigemente het net mooi niks gehelp nie!

Is dit dalk so dat die Here humor gesien het in hierdie stuk geskiedenis? Kyk na die verloop daarvan wat die magteloosheid en die tevergeefsheid bevestig van diegene wat God weerstaan.

- Eers gooi die Raad die apostels in die tempeltrank – om die voortgang van die evangelie te stuit.
 - Daar is bewapende wagte op vaste ure. Daar is swaar deure wat op slot staan.
- **Met gemak gaan God se gestuurde engel by alles en almal verby en maak die apostels los en stuur hulle tempel toe.**
- Die apostels word weer 'n keer gevang en deur die Sanhedrin verhoor.
 - Hulle word weer gewaarsku en gedreig.
 - Die Sanhedrin is magteloos, want hulle verkies om die apostels dood te maak – maar hulle word beperk en weerhou om dit te doen.
 - Uit magteloosheid slaan hulle die apostels.
 - Hulle dreig die apostels weer en laat hulle gaan.
- **Die apostels verduur die geseling met blydskap.**
- **Hulle gaan terug tempel toe en leer die volk.**
- **Erger nog: hulle doen dit nou ook van huis tot huis, met ander woorde in al die huise waar daar Christene bymekaargekom het.**

Die geheimhouding van die saal van die Sanhedrin (die apostels word moes uitgestuur!) word meteens die openbare verkondiging van die waarheid!

Onderdrukking van God se evangelie gaan dus oor in die ontploffing en uitbreiding daarvan!